

Die Sepediversbou

P.S. Groenewald



Die Sepediversbou

ESI Press

University of Pretoria, Lynwood Avenue, Hatfield, Pretoria, South Africa
<https://esipress.up.ac.za>

Kopiereg © 2021 P.S. Groenewald © ESI Press 2021

Alle regte voorbehou.

Geen deel van hierdie boek mag in enige vorm of op enige elektroniese of meganiese manier weergegee of oorgedra word nie, insluitend fotokopiëring en opname, of deur enige ander inligtingstoorplek of -herwinningstelsel, sonder skriftelike toestemming van die uitgewer.

Omslagontwerp: Stephen Symons

Redakteur: P.S. Groenewald

Tipografie en ontwerp: Stephen Symons

Gedruk en gebind in 2021

Die eerste keer gepubliseer deur ESI Press 2021

ISBN: 978-0-620-94709-1 (Druk)

ISBN: 978-0-620-94710-7 (E-boek / digitaal)

Die Sepediversbou

P.S. Groenewald

hierdie bladsy word doelbewus leeg gelaat

Dank en erkenning aan:

- Louise en so ook Anli en Ria wat my die tyd en die ruimte gegun het om dít wat my na aan die hart lê, te kon bedink.
- 'n Pa, 'n ma, twee ouer susters en 'n broer – die gesinsgenote tydens my vormingsjare.
- Diek wat voorgestel het dat ek my proefskrif oor die Sepediversbou skryf.
- Annatjie vir haar belangstelling waarvan ek deurentyd bewus was, en die aansporing wat nie uitgebly het nie.
- Karin vir die netjiese tikwerk en die taalversorging, asook haar deeglikheid, uithouvermoë, geduld en blymoedigheid.
- Jan, Joseph Phahla, Bethuel en Jerry, maar ook die Monthla's (BôMonṭha) van Boṭōkwa wat soos eie familie is. Hulle het my Sepedi en Seṭokwa so goed soos hulle kon, probeer bybring.
- Die Universiteit van Pretoria navorsingsfonds wat ruimskoots bygedra het om die publikasie van hierdie skryfstuk moontlik te maak.
- Almal wat gehelp en bemoedig het in die skrywe van Die Sepediversbou.
- Die Taylor & Francis Ltd, <http://www.tandfonline.com> vir toestemming om gedagtes en enkele grepe soos toendertyd geformuleer, uit die onderstaande artikels oor te neem:
 - Groenewald, P.S. 1989. Versvorm: Die prysdig in Noord-Sotho, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*, 9(3), pp. 95-99.
 - Groenewald, P.S. 2011. Woordgroepvers, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*, 31(1), pp. 17-29.
 - Groenewald, P.S. 2016. Sendinginvloed op die Sepediversvorm – Die kerklied, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*, 36(1), pp. 49-54.
 - Groenewald, P.S. 2020. Sendinginvloed op die Sepediversvorm – Die heffingsvers, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*, 40(2), pp. 157-163.

5

Pieter Groenewald
Pretoria
Februarie 2021

hierdie bladsy word doelbewus leeg gelaat

Inhoud

1. Inleiding	9
2. Sepediversbou	11
2.1 Die Berlyns-Lutherse Sendinggenootskap	11
2.2 Versleer	11
2.3 Versvorm	13
2.4 Die woordgroepvers in Sepedi	15
2.4.1 Verdeling	15
2.4.2 Ekwivalensie	20
2.4.2.1 <i>Rym</i>	21
2.4.2.2 <i>Heffinge (lengtefoneme) en sillabekruine</i>	24
2.4.2.3 <i>Woorde, woordgroepe en grammatiese strukture</i>	25
2.4.2.4 <i>Membraherhaling: die lied</i>	32
2.4.3 Membra-ewewig: strategieë en meganismes	35
2.4.4 Die prysdig as deklamasiestuk	38
2.4.5 Die Sending en die Sepediversbou	43
2.4.6 Die heffingsvers	44
2.4.7 Digtors ná Matlala en Matsepe	50
2.4.7.1 <i>H.M.L. Lentsoane</i>	52
2.4.7.2 <i>S. Ratlabala</i>	55
2.4.7.3 <i>N.S. Puleng</i>	57
2.4.7.4 <i>M.A. Kekana</i>	59
2.4.8 <i>Un certain aspect graphique</i>	61
3. Samevatting: Sepediversmaat	63
Bylae	64
Bronnelys	75

hierdie bladsy word doelbewus leeg gelaat

1. Inleiding

Hierdie skrywe vat meer saam as wat vervat is in my laaste paar artikels oor die Sepediversbou en wat in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale* verskyn het. Gedeeltes daaruit word wel woordeliks herhaal, soos die bespreking van die werke van Matlala en Matsepe. Ek het die moeite ontsien om daardie besonderhede met groter elegansie te probeer inkleef. Op kritiese punte is aansienlik uitgebrei; nuwe insigte het bygekom, en so het dit meer as 'n samevatting en herrangskikking van die bestaande gegewens geword.

Die gebruik van die term **vers** kan moontlik verwarring skep. Wees daarop bedag. Dit is 'n selfstandige verseenheid; dit verwys nie na 'n versgeheel nie. 'n Gedig is in hierdie skrywe nie 'n vers nie, maar 'n versgeheel, en dié kan uit een of meer verse saamgestel word. Hierdie aangeleentheid word in die teoretiese aanloop breedvoerig bespreek.

Die terme **verdelingspunt**, **ewewigspunt** en **koördinasiepunt** belig verskillende fasette van dieselfde begrip, en die term **membrum** is aan De Groot ontleen; dit word egter nie in dieselfde sin gebruik nie. Die membra word soos versreëls onder mekaar geskryf.

Die skryf- en spelwyse soos dit in die oorspronklike teks voorkom, word in die aanhalings gehandhaaf. Waar aanpassings nodig was, word dit genoem

Die vertaling van die aanhalings is meesal nie letterlik nie, maar is getrou. J.P. Maripane en B.P. Satekge was hierby van groot hulp. Erkenning en dank hiervoor. Die digter E.K.K. Matlala het in die skrywe van sy sonnette soms vorme en woorde uit verwante tale en dialekte gebruik wat hy dan by wyse van voetnotas toegelig het om die metaforiese strekking daarvan te verduidelik. Dié is ooreenkomstig vertaal. In membrum 14 van die Matlalasonnet wat bespreek word, is daar bes moontlik 'n oorsig – met Matlala weet 'n mens nooit nie – dit word so gelaat. Die vertaling ewenwel geskied na die gees en strekking van die gedig.

Matlala was bekend daarvoor dat hy hom aan geen konvensie laat bind het nie. Hy het daarom sy eie spelwyse gevolg, al sou dit beteken dat sy werk nie vir skoolgebruik voorgeskryf word nie. Sy versdrama, *Tshukudu*, beleef drie uitgawes by drie verskillende uitgewers. Die teks verskil elke keer; die verstellings is wel drasties, maar is verstegnies eintlik kosmeties van aard, en raak hoofsaaklik die versreël- of membraverdelings. Versvormlik is die eerste uitgawe die betroubaarste geskrewe teks. Van sy laaste versdrama, *Tshaka*, bestaan daar slegs twee dele, die eerste en die derde; die tweede deel (boek 2) se manuskrip het tussen hom en die uitgewer verlore geraak

en dié deur die nalatigheid van die uitgewer, was sy presiese woorde aan my. Die fynskrif in die uitgewersdokumente was klaarblyklik te fyn om raakgesien te word

Diegene wat in Sepedispreekwoorde belangstel, kan die werke van Rakoma en van Erasmus, of selfs die woordeboeke van Kriel en Van Wyk en van Ziervogel en Mokgokong raadpleeg:

Erasmus, J.G. s.j. *Uitgesoekte Noord-Sotho spreekwoorde*. Johannesburg/ Kaapstad: Afrikaanse Pers Beperk.

Kriel, T.J. & Van Wyk, E.B. 1989. *Pukuntšu/Woordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Rakoma, J.R.D. 1949. *Marema-ka-dika*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Ziervogel, D. & Mokgokong, P.C. 1975. *Pukuntšu ye kgolo ya Sesotho sa Leboa. Sesotho sa Leboa: Seburu/Seisimane*. Pretoria: J.L. van Schaik/Unisa.

2. Sepediversbou

2.1 Die Berlyns-Lutherse Sendinggenootskap

Sepedi het as skryftaal teen die middel van die negentiende eeu deur die werksaamhede van die Berlyns-Lutherse Sendinggenootskap sy beslag gekry. Kerstening was uiteraard die hoofdoel van die sendingaksie, en hiervoor het die Sendinggenootskap sy werkers deeglik voorberei en toegerus. Hulle moes alle wantroue jeens hulle afbreek, die guns van die gemeenskap wen, en hulle daarvoor beywer om Sepedi met die oog op Bybelvertaling op te teken. In 1904 verskyn die Bybel in Sepedi – ’n Bybel waarna daar later dikwels as die Serotevertaling verwys sou word. Maar vir die godsdiensoefening word daar ook liedere geskryf en vertaal, en dié het ’n ingrypende invloed op die Sepediversbou gehad. In 1949 trag Van Zyl nog om in die voorwoord by sy *Praises in Northern Sotho* die Sepediversmaat as ritmies-metries raak te vat. Dit is duidelik dat nóg Van Zyl, nóg die sendelinge bewus was van die grammatika as ’n beslissende faktor in die definisie van versbou, gevolglik vorm dié periode ’n belangrike deel in die bespreking van die Sepediversbou.

’n Uiteensetting word nou eers gegee van die raamwerk waarbinne hierdie skrywe geles en verstaan moet word.

2.2 Versleer

Die versleer is ’n outonome dissipline; hy hou hom met die beskrywing van versvorm besig; hy interpreteer nie; hy bepaal hom by vroe soos **Hoe zijn verzen en waarom zijn verzen zo en niet anders** (De Groot, 1946: 5)? De Groot (1946: 136) sien die versleer egter nie as ’n selfstandige vakgebied nie; vir hom behoort dit tot die stylkunde wat hom met die studie van stylprodukte in versvorm besighou. Wat hy nie in ag neem nie, is dat die styleer dit as taak het om nie net die stylkenmerke te identifiseer en te beskryf nie, maar – omdat die stylkenmerk ’n verhoudingsbegrip is – om dit ook binne verband te interpreteer. Dit is weliswaar ’n algemene opvatting dat die versleer nie ’n dissipline in eie reg is nie: Heusler (1956: 6) beskryf dit as **Kunstlehre, sie gehört zur Literaturgeschichte; nicht Grammatik**, en die subtitel van Grammont (1960) se *Le vers Français*, te wete *Ses moyens d’expression son harmonie*, dui daarop dat dit gerig is op interpretasie, en dat die versleer hiervolgens ewe tuis in die stylkunde sou voel.

Die studieveld van die versleer sluit immers alle taaluitings in wat versvormlik van aard is: gedigte, tafelgebede, raaisels, spreekwoorde, advertensies, segswyses, drinkspreuke, aftelrympies, en nog wat – ja, selfs waar seunskinders bok-bok speel, gebruik hulle 'n versvormformule wat vra:

Bok-bok staan styf,
Hoeveel vingers op jou lyf?

En so is daar die groepspeelliedjie,

Aljander, aljander so deur die bos,
My pa en ma kook lekker kos,
Die kinders verstik aan 'n druiwetros

en die res wat daarop volg. Die gebied omvat veel meer as die poësie, hoewel die navorsing in dié verband hoofsaaklik tot die digkuns as deel van die letterkunde beperk word. Op 'n vraag van Hopkins, **but is all verse poetry**, antwoord Jakobson:

Thus verse actually exceeds the limits of poetry, but at the same time verse always implies poetic function (Jakobson, 1960: 359).

Oor die **poetic function** laat die versleer hom nie uit nie; dit is waar die stylleer die gesag voer.

Die taaluiting in versvorm is 'n versgeheel wat 'n dubbelkarakter het, soos Jakobson en Lotz (1952: 7) dit uitwys; dit word uit sowel linguistiese as versvormlike eenhede saamgestel. Die foneem – segmenteel en suprasegmenteel – die sillabe of sillabekruin, die woord, die woordgroep en die sin is die linguistiese eenhede. Die sin is selfstandig; slegs hy kan die versgeheel volledig omsluit. Die versgeheel mag ook uit meer as een sin bestaan.

Versvormlik word tussen noodsaaklike en bykomstige eenhede onderskei. Die vers en die membrum is noodsaaklik; hulle kan die versgeheel konstitueer. Die vers is soos ook die sin, 'n selfstandige grootheid; die membrum, daarenteen, kan nooit op sy eie funksioneer nie; hy tree altyd ondergeskik aan en as deel van die vers op. Die bykomstige eenhede is meerversig in omvang en sommige hiervan, soos onder meer die kwatryn en die sonnet, is selfstandig, en kan per geleentheid as versgeheel dien.

Op sy eenvoudigste bestaan die versgeheel linguisties uit 'n sin, en versvormlik uit 'n vers wat

in twee membra verdeel word. Vergelyk hiervoor die spreekwoord, *Monna ke nku; o llela teng*; **Die man is 'n skaap; hy huil na binne**. Die geheel kan nie eenvoudiger gaan nie, en sy onderbou is hier met die oog op die beskrywing van versvorm, op sy duidelikste uitgelig. De Groot praat van die onderbou as die tema, en dié is in die bespreking van meerversige gedigte of versgehele belangrik. Hy verduidelik:

Het tema is in zekere zin een ideale vorm van versregel, waarnaar in elke afzonderlijke versregel gestreefd word (De Groot, 1946: 46).

Daarom, sê hy, is elke **versregel** (lees: membrum) 'n variant van die tema. Jakobson noem die onderbou 'n **verse design**. Dit strook met De Groot se beskrywing daarvan; hy stel dit net sterker en duideliker omlyn as hy sê:

Far from being an abstract, theoretical scheme, ... verse design underlines the structure of any single line – or in logical terminology, any single verse instance (Jakobson, 1960: 364).

In die praktyk kom dit daarop neer dat versmaat, in sowel die kort en knap segswyse as die lang, epiëse gedig, deur die onderbou van die vers bepaal word. Daarom word daar van 'n rymvers, 'n heffingsvers, 'n sillabiese vers, ensovoorts gepraat, al bestaan die geheel uit 'n aantal verse.

2.3 Versvorm

13

Die beginsels van verdeling en ekwivalensie lê versvorm ten grondslag: linguistiese besonderhede word hiervolgens tot enerse of gelyke eenhede of membra binne 'n geheel gegroepeer. Hoewel die eenhede as sodanig linguisties afgegrens of gemarkeer word, word die aard en die wese daarvan nie aan grammatiese reëls en voorskrifte gekoppel nie, en word daar op dié manier nie net tussen vers- en prosavorm onderskei nie, maar word terselfdertyd, soos Jakobson tereg opmerk, die estetiese funksie van versvorm bepaal. Vergelyk die onderstaande sinne waarvan die eerste in prosavorm, en die tweede 'n spreekwoord in versvorm is:

1. Re loba magošī a maswa re le kgole.
2. Magošī a maswa,
Re loba re le kgole.

Aan die pas aangewese opperhoofde

Bewys ons eer terwyl ons nog ver (versigtig en onseker) is.

Versmaat word in die spreekwoord hierbo deur die proses van herrangskikking vasgelê waar

magoši a maswa links verplaas, en die geheel sintakties deur die woordgroepters na **maswa** in twee gelyke eenhede of membra, bestaande uit twee heffinge of lengtefoneme per eenheid, verdeel word. Die skeiding geskied nie willekeurig nie; allermins op grond van voordrag of die grafiese voorstelling van die geheel.

Die linguistiese besonderhede wat versvorm in die geval van sillabiese en heffingsverse definieer, is volgens de Groot (1962: 348) en Žirmunskii (1966: 77) foneties/fonologies van aard. Oor die woordgroepters laat hulle hul nie uit nie, dog uit die benaming van dié verssoort, asook De Groot se bondige beskrywing daarvan – vergelyk hieronder – spreek dit vanself dat gegewens uit die semantiek en die sintaksis nie agterweë gelaat mag word nie, 'n siening wat baie nou by dié van Saporta aansluit waar hy sê:

14 Surely these constants are not by definition restricted to the phonological level. The description of certain poems would presumably be inadequate if they failed to indicate recurrent grammatical features on all levels ranging perhaps from the systematic repetition of whole sentence patterns. And just as the phonological features of meter and rhyme mere repetition, for the features to be pertinent to the metrical analysis, the repetition must be systematic. Put differently, the repetition should be storable in terms of metrical units like line and stanza. The mere fact that clause boundaries and line boundaries coincide certain poems is relevant to the metrical analysis. The framework of metrical analysis must be broad enough to accommodate these features ... (Saporta, 1960: 237).

Voeg hierby die opmerkings wat Damane en Sanders (1974: 52) rakende die Sesothovers laat deurskemer, naamlik dat die membra **units of meaning** is. Die gedagtes wat Saporta, maar dan ook Damane en Sanders, uitspreek, dring pynlik seker na die probleem deur wat ten opsigte van versvorm in Sepedi ervaar word. Die Sepedivers is 'n woordgroepters en moet dus anders as die sillabiese en heffingsverse benader word; die onderbou vereis dit. Dit beteken dus nie dat die kenmerke van elkeen van die verssoorte uniek is, en slegs tot die besondere geval beperk moet word nie (De Groot, 1946: 14). Die woordgroepters is volgens De Groot (1957: 391) ewenwel **a borderline case between Verse and Prose**, klaarblyklik omdat die versmaatbeskrywing hier meer omsluit as wat die fonetiek/fonologie kan bied, en die membra ook op grond van **zinsbou en inhoud** korrespondeer. Hy vat die samestelling van die woordgroepters so saam:

Op het aantal lettergrepen, voeten of woorden van de afzonderlijke regels komt het niet aan, van voeten kan men selfs in het geheel niet spreken. Maar elke regel of vrijwel elke regel heeft duidelik twee met elkaar corresponderende helften, die in lengte, zinsbouw en inhoud min of meer ooreenstemmen
(De Groot, 1946: 13).

2.4 Die woordgroepeers in Sepedi

Gedagtig aan die woorde en waarnemings van Saporta, Damane en Sanders, asook De Groot se opmerkings in sy beknopte samevatting van wat die woordgroepeers behels, word ook die morfologie, sintaksis en semantiek nou by die beskrywing van die Sepediversmaat in aanmerking geneem. In die bespreking wat hierop volg, val die lig op die versboubeginsels van verdeling en ekwivalensie of ewewig soos dit in Sepedi toegepas word om versvorm te definieer. Gepaste voorbeelde dien deurentyd as toeligting, en hoewel hulle nie onder afsonderlike hoofde handel word nie, is hulle verteenwoordigend van die versgeheel in die onderskeie gevalle van voorkoms, met ander woorde as

’n sin en ’n vers wat uit twee membra saamgestel is;
’n sin en ’n vers wat uit meer as twee membra bestaan, en
’n samehang van sinne en verse.

Spesiale aandag word hiertydens aan die prysdig as ’n seremoniële voordragstuk gegee, waarna die invloed van die sendingaksie op die struktuur van die Sepediwoordgroepeers in die kollig kom: vereers gaan dit om die heffingsvers, en daarna volg ’n oorsigtelike beskouing van ’n eksperimentele periode in die Sepediversbou.

’n Samevatting van sake sluit die skrywe af, waarna ’n bylae ingesluit word wat ’n skematiese uiteensetting van die versmaat in ’n Mamogoboprysdig weergee.

2.4.1. Verdeling

Met inagneming van die onderbou bestaan die versgeheel op sy eenvoudigste uit ’n vers wat linguisties in twee membra *verdeelt*, maar binne die sin *op mekaar aangewys word* om versmatig sinvol te wees. Die spreekwoord,

Lehu re hwile la pitšana;

La segwana le a rokwa.

Ons sterf die dood van die kleipotjie;

Dié van die kalbassie word heelgemaak,

is 'n woordgroepvers, en die sintaktiese snit ná *pitšana* val met 'n woordgroepgrens saam, en verdeel die vers – maar ook die versgeheel – in twee membra. Die membra is hier twee duidelike sintakties omlynde snitte, semanties-sintakties geskei, maar wat afhanklik van mekaar staan. Selfs in 'n lang epiese gedig, soos *Sebilwane*, word die skerp sintaktiese geleding gehandhaaf. Vergelyk hiervoor Fela se beskrywing van die koei se haastige drafgang kraal toe waar haar kalfie op haar wag. Die aksie word in dié fragment as 't ware deur sintaktiese membrumraampies weergegee, soos die prentjies in 'n strokiesverhaal:

Bjale kgomo e tšwa phulong e garihla,

Go lla tlhako mmileng e rwele dinaka,

Mokaka o šiiša, matswele a rothiša lebese,

E bokolela fase e gopotše namane 'a yona.

(Fela, 1961: 22)

Die koei hardloop doelgerig van die veld af,

Haar hoewe klap, haar horings swaai,

Haar uier brand, en haar spene drup melk,

Sy bulk saggies gedagtig aan haar kalfie.

In Sepedi is daar wel spreekwoorde in versvorm waar die verdelingspunt met 'n woordgrens saamval. 'n Voorbeeld hiervan is:

Moletangwedi

O leta leswiswi.

Hy wat wag op die maanskyn,

Wag op die donker.

Hier word die membraverdeling, asook die markering daarvan, deur die herhaling van die werkwoordstam, *leta*, bewerkstellig, presies soos die rymwoord dit in die Afrikaanse en Engelse

heffingsverse doen. Die spreekwoord bly in weerwil hiervan steeds 'n woordgroepvers, omdat *moletangwedi* 'n saamgestelde woord is wat, afgesien van die opvallende semantiese ooreenkoms tussen die membra, ook in samestelling dieselfde sintaktiese struktuur as (*o*) *leta leswiswi* verraa. Rym sou natuurlik in dergelike gevalle dieselfde as die herhaling van die werkwoordstam, *leta*, kon vermag, as dit nie was dat dit weens grammatiese oorwegings ongelukkig geen status in die Sepediversbou geniet nie. (Meer hieroor later.)

In Afrikaans en Engels is rym uiteraard 'n kragtige middel om die verdelingspunt te markeer; tewens die aksent kan in dié tale met dieselfde doel voor oë gebruik word. Stutterheim (1961: 234) verwys juis na werke van Shakespeare en Milton aan die hand waarvan hy die versmaat beskryf, en dit saamvat as **an iambic alternation with five accents, bounded by the end of a word**. In Engels kan dit, ook in Afrikaans, omdat die aksent nie op 'n vaste plek in die woord val nie. (In Sepedi is die heffing – dit is die lengtefoneem – slegs vir ewewigsdoeleindes van belang.) Dit is boonop belangrik dat daar 'n verdelingspunt moet wees. Dit is andermaal Stutterheim (1961: 228) wat hom die sterkste hieroor uitlaat en beklemtoon dat **without a boundary a formal principle would be not a unit; in other words, the verse would be non-existent**.

Die verdelingspunt is nie 'n afsnypunt nie; dit skei die membra en verkeer in koördinasie met die finale grens waardeur (a) die hiërargie tussen die membrum en die vers vasgelê, en (b) die membra onderling op mekaar aangewys word. Die verdelingspunt dien daarom ook as 'n koördinasiepunt, 'n skarnier waaraan die membra as afhanklike eenhede geheg word. Kayser praat in dié verband van **das Furchenpaar**, en wys daarop dat dit wesensbepalend ten opsigte van versmaat is. Hy sê:

Während wir in den anderen Beispielen gleichsam nur ein Stück in einer Richtung gingen, gehen wir hier hin und ebenso weit wieder zurück. Daß diese Kehre für den Vers wesentlich ist, besagt der Name selbst, denn das lateinische Wort *versus* bedeutete Umkehr, Kehre (Kayser, 1960: 13).

Die onderlinge membraverbondenheid word gewoonlik grammaties bevestig. In die spreekwoord,

Lehono ya se rage,
O tlo tlatša kgameo.
**As sy vandag nie skop nie,
Sal jy die emmer volmaak,**

is dit die kondisionalis (membrum 1) wat hier die koei se gedrag as voorwaarde vir die suksesvolle verloop van die melkaksie stel (membrum 2). In die geval van

Phaga ga e ete,
Go eta nakedi.

**Die wildekat loop nie rond nie,
Die rondloper is die muishond,**

word die koördinasie tussen die verdelingspunt en die afsnygrens deur die onbepaalde onderwerpskakel, **go**, gewaarborg. Die fokus val hier op die gedrag van die muishond; dit word met dié van die wildekat vergelyk, en terselfdertyd word op die verskil tussen die gedrag van die twee velddiere gewys. 'n Geringe grammatiese aanpassing aan die formulering, soos om **go eta nakedi** deur **nakedi e a eta** te vervang, gaan die onderlinge membra-ingesteldheid versteur, en nie net die versvorm ophef nie, maar die spreekwoord gaan ook met 'n ander boodskap kom. Die membra is dan twee selfstandige eenhede wat los van mekaar staan, elk met sy eie boodskap: die rondloopgewoontes van die diere word slegs benoem; hulle gedragpatrone word nie gekontrasteer nie, en maak as 't ware deel van 'n lys uit waarin die rondloopgewoontes van velddiere opgeteken word. Wat hier gebeur is dat die verdelingspunt en afsnygrens nie koördineer nie, en die hiërargie tussen membrum en vers opgehef word.

18

Cope (1968: 50-63) se beskrywing van die Zuluprysdigstrofe moet in die lig hiervan gesien word. Hy het bevind dat die membra in die prysdigstrofe volgens 'n bepaalde skema saamgestel word, naamlik dié van *stelling*, 'n *uitbreiding* hierop, 'n *ontwikkeling* in die gedagtegang en 'n *slotsom*. Dié skema is nie net tot die Zuluprysdigstrofe beperk nie; tewens daar is talle vierreëlige Sepediprysdigte waarvan die membra volgens dié skema gerangskik word. Vergelyk die onderstaande voorbeeld wat deur Ramaila opgeteken is:

Stelling: Madiba matala maja namane 'a kgomo,
Uitbreiding: Mošikidi yo a se nago hlong,
Ontwikkeling: Ge a šikila a leta lefsifsi,
Slotsom: A ba a letela marotholodi a pula.
(Ramaila, 1959: 25)

**Blou kuile wat beeskalwers eet,
Skaamtelose vraer/bedelaar,**

**En as hy vra/smeek, wag hy op die donker,
Verwag hy reëndruppels.**

Dit val op dat hierdie skema betreklik gereeld in die tradisionele Sepediprysdig as 'n normale struktureeringsprosedure voorkom. Matsepe, om 'n voorbeeld te noem, organiseer in sy *Megokgo ya Bjoko* die membra ook daarvolgens waar twee van sy sentrale karakters die een die ander prysdiggewys die stryd aansê. Lefehlo is eerste aan die beurt; hy betoog en sê:

Stelling: Maru a maso ke thibile legodimo,
Uitbreiding: Ge e le pula go tlile go na ye khulwana,
Ontwikkeling: Pitsi o reng wa fanyetša meletse –
Slotsom: Wa tloga o betša tlou ka melamo ya bašimanyana?
(Matsepe, 1969 b: 59)
**Donker wolke ek bedek die hemelruim,
Van reën gepraat, dit gaan bloed reën,
Sebra waarom skop jy so met jou pote agterop -
Dink jy dat jy die olifant met seuntjiekierietjies kan
aandurf?**

19

Nthumule laat nie op hom wag nie:

Stelling: Go hwa re hwilego re hwile senna,
Uitbreiding: Marapo a monna ke kokone o lahlê,
Ontwikkeling: Legodimo le lefase di a lwa,
Slotsom: Go tloga go elwa ditlholabophelo.
(Matsepe, 1969 b: 59)
**Gaan ons om te sterf, sterf ons soos manne,
'n Man se gebeente is vir kou en weggooi,
Hemel en aarde is in 'n stryd,
In 'n geveg om lewe en dood.**

Omdat dié skema met die verdelings- en afsnypunte korreleer, hou dit verband met die aard van die onderlinge membraverhouding wat die samehang binne die vers moet bevestig. Die skema

kan egter terminologies aangepas word as dit vir die geleentheid 'n duideliker heenwysing sou wees waarop die prysdig betrekking het. Vergelyk hiervoor die onderstaande gedig uit die Ramailaversameling:

Bevel: Ngwana' selepe gomela mere o remile,
Waarskuwing: O se tla wa ba wa rema mehwelešana thabeng,
Motivering: Wa rema le mehweletshipi,
Gevolg: Wa se kukubatša malootša.
(Ramaila, 1959: 36)

**Kind met die byl, los die uitkap van bome,
Dat jy nie (nog) dink jy kap basterrooibosboompies in die berg uit nie,
Maar dan (in werklikheid) rooibosbome uitkap,
En jou byl stompmaak.**

Dit is miskien nie toevallig nie dat talle van dié prysdigte presies op dié manier saamgestel word – sou dit dalk 'n versgenre, 'n (prysdig)kwatryn wees?

20

2.4.2 Ekwivalensie

Ekwivalensie bring die membra wat groeperinge van linguistiese besonderhede is, as gelykwaardige eenhede binne die vers in ewewig. Die gelykvormigheid word deur herhaling bewerk, maar dié, sê Saporta (1960: 237) **must be systematic**; dit mag nie linguisties relevant wees nie. Die gegewens wat in Sepedi met die oog op die versmaat in aanmerking kom, is die volgende:

- spraakklanke of spraakklankreekse (segmentele foneme), dit wil sê, rym;
- 'n bepaalde getal heffinge (lengtefoneme in Sepedi);
- 'n bepaalde getal sillabes (of sillabekruine);
- grammatiese besonderhede (gegewens uit die semantiek en die sintaksis,
- waaronder woorde en woordgroepe tel); en
- membra (wat herhaal word).

Die enersheid van die membra in die spreekwoord,

Montshepétšabošégo
Re mo lebóga boséle.
**Hy wat my in die nag vergesel,
Bedank ek met dagbreek,**

word aangebring deur:

- die herhaling van sowel 'n enerse sillabetal (8) as 'n enerse heffingtal (2) per membrum;
- 'n enerse sintaktiese struktuur: *sepetsša bošego – leboga bosele*;
- die plasing van die antonieme vorme, *bošego* en *bosele* binne die membra.

(Deur die linksverplasing van die voorwerp, *montshepetsšabošego*, word die spreekwoord na *bošego* sintakties in twee verdeel, en die voorwerpskakel, *mo*, bevestig die onderlinge verbondenheid van die membra.)

2.4.2.1 Rym

Rym is volgens De Groot (1962: 339) 'n belangrike middel om versvorm te definieer, daar dit vir sowel verdelings- as ekwivalensiedoeleindes aangewend kan word. In die Sepediversbou het dit om grammatiese oorwegings sy funksie tot versmaat volkome verbeur. Dit strook met Cope (1968:40) se bevinding dat **rhyme and metre are not to be found in Zulu poetry**. Bygesê, is dat sy uitspraak, soos ook in die geval van Sepedi, slegs vir die tradisionele of gesproke woordkuns geld; in die geval van die geskrewe of onlangse letterkunde kom die rymvers wel voor, ofskoon die doeltreffendheid daarvan verstegnies hoogs twyfelagtig is. Dat dit in die geskrewe letterkunde 'n tuiste soek, is aan die aktiwiteit van die verskillende sendinggenootskappe toe te skryf. Rym bly 'n indringer wat hier nie regtig vastrapplek kan kry nie.

Die sendelinge van die Berlyns-Lutherse Sendinggenootskap het die Sepedikerkliedere op die Duitse versboules geskoei wat aan hulle bekend was. Vir hulle was dit die heffingsvers wat ritmiesmetries in versvoete ingeklee word waarna 'n woordgrens, hoofsaaklik deur rym gemarkeer, die versvoete groepeer dat die genoemde woordgrens as ewewigspunt tussen die groepe dien om so versmaat te vestig. Rym was vir die sendelinge die magiese woord – die membra moes rym, en rym sou dit wees! Dat die sendingpraktyk die Noord-Sotho sou beïnvloed, kom as geen verrassing nie. Van die eerste geskrewe gediggies in Sepedi is daarom versies en rympies in rymvorm wat

vir skoolgebruik bestem was. Latere digters, soos onder andere (E.K.K.) Matlala en Matsepe, het naas rymlose gedigte ook rymverse geskryf. Die woordgroepe is nie verdring nie en het sy status behou.

Die redes waarom rym in Sepedi – dan ook in Zulu – nie inslagvind nie, is nie almal ewe oortuigend nie. So, byvoorbeeld, word daar ten opsigte van Sepedi aangevoer dat die sewevokaalsisteem te min kleurvariasie toelaat om geslaagd aangewend te word. Ook word beweer dat die gefluisterde vokaal aan die einde van woorde belemmerend op die doeltreffendheid van rym sou inwerk – dat die rymsegment daarom oor twee of meer sillabes versprei moet word. 'n Argument wat wel gewig dra, is dat Sepedi 'n toontaal is, en dat segmentele en toonrym mekaar selde ooit aanvul. Die kompleksiteit van hierdie probleem word deur Van Wyk (1975: 25-26) soos volg saamgevat:

Elke woordstam het sy eie toonpatroon wat nie voorspel kan word nie, ... die patroon word deur ingewikkelde reëls gewysig in verskillende morfologiese en sintaktiese strukture.

Dan vervolg hy en sê:

22

Die resultaat hiervan is dat daar 'n groot verskeidenheid toonpatrone kan voorkom in woorde van 'n gegewe lettergreepstal. Of twee woorde fonologies sal rym, word dus bepaal deur die toonpatrone van die stamme en morfologiese en sintaktiese verbande waarin die stamme optree, en die kans hiervoor is al gering. Voeg nog by dat die segmentele samestelling van woorde ook aansienlike variasie toelaat, dan word dit baie moeilik om woorde te vind wat volledig rym (Van Wyk, 1975: 25-26).

Wat stellig die belangrikste argument in hierdie diskoers is, is dat rym in Sepedi, afgesien van die gevalle waar woordherhaling plaasvervangend daarvoor optree, hoofsaaklik morfeemrym is. Lote (1951: 148-149) wys daarop dat morfeemrym, **la rime grammaticale** soos hy dit noem, in Frans iewers in die verlede 'n aanvaarbare verstegniek was, maar dat dit mettertyd verdwyn het.

Rym is die herhaling van spraakklanke of spraakklankreekse, 'n praktyk wat nie grammaties beïnvloed word nie. Daarom is die rymsegment linguisties volkome leeg, en hou gevolglik 'n verrassingselement in: betekenisomgewings – soos woorde sonder enige onderlinge semantiese verband – word deur die gemeenskaplike rymsegment in dieselfde betekenisomgewing teenoor mekaar geplaas, om daardeur 'n klimaat te skep wat gunstig vir metaforie of atmosfeerbeelding kan

wees. By die herhaling van betekenseenhede of -fragmente, soos woorde en morfeme, verval die moontlikheid daartoe, want herhaling beklemtoon, rym stimuleer assosiasie. Stankiewicz (1961: 15) vat dit so saam:

Rhyme introduces expectations, e.g. the maximal type of similarity, and at the same time, the expectation of surprise, i.e. dissimilarity.

Die betekenis, gevoel of atmosfeer wat deur rym opgeroep word, moet 'n emosionele gewaarwording wees; dit moet nie uitgespel word nie. Die rymsegment in Sepedi voldoen nie hieraan nie; dit is meesal die herhaling van 'n morfeem of morfeme, ewe dikwels dié van 'n woord. Dit is so dat die werkwoord, afgesien van uitgangsmorfeme, ook soos van die ander hoofwoordsoorte deur agtervoegsels uitgebrei kan word. In die voorbeeld hieronder, waarvan slegs die eerste strofe van lied 73 in die Lutherse Sepedikerkliepbundel aangehaal word, is die rymsegment 'n applikatiewe werkwoordagtervoegsel, /ɛl/, plus 'n uitgangsmorfeem /ɛ/ en beide is grammaties gelaai, en kan daarom nie as rymsegment opval om ekwivalensie te bewerk nie. Die rymskema in die lied is *aab*. Die verdelingspunt word deur /ɛlɛ/ gemerk, en die membra-ewewig word deur drie heffinge (plus rym) aangebring. Die eerste twee membra enjambeer, en die versgeheel wat 'n sin is, is daarom sonder twyfel soos 'n heffingsvers saamgestel:

Tláng bakrísté re latéle
Kwána Jésu, re mmogéle
Mó tseléng ya Golgótha.
Kom Christene en volg
Die Lam Jesus, en aanskou hom
Hier op weg na Golgotha.

Rym is, soos aangedui, vreemd aan die Sepediversbou, en in 'n groot mate raak dit ook assonans en alliterasie. 'n Vraag soos, *Bana ba a bapala na? Speel die kinders?*, laat geen aanspraak op nòg die een, nòg die ander toe nie. 'n Finale uitspraak hieroor sou voortydig wees, want die herhaling van *tl-l* in die spreekwoord,

Bomma ba tlile;
Tlala e nyele.
Moeder-hulle het gekom;
Die honger het gewyk,

doen hom hier bes moontlik as 'n vorm van rym of halfrym voor. Vergelyk ook die prysdigmembrum geneem uit 'n Mamogobogedig:

Ke *kgwadi* ya maswika mehlare ke *kgwaparetša*.

Ek is die jeugdige berghaan van die kranse; die bome gryp ek vas.

2.4.2.2 *Heffinge (lengtefoneme) en sillabekruine*

Ekwivalensie deur die herhaling van 'n bepaalde heffingtal per membrum kom in Sepedi algemeen voor. Vergelyk hiervoor die voorbeeld wat uit die spreekwoordeskat geneem is:

Se bóne thóla borelédi;

Téng ga yóna go a bába.

Kyk nie na die gladheid van die dortelappel nie;

Binne is hy bitter.

24

Afgesien van die drie heffinge per membrum, word die membra ook deur 'n negetal sillabes in balans gehou. Van al die korrespondensiestrategieë kan dié van 'n enerse sillabetal sonder meer as sekondêr verklaar word. In die langer Sepedigedigte is dit bykans onmoontlik om van sillabiese verse te praat, hoewel van die latere digters, soos Machaka en Mashala, weliswaar gedigte geskryf het waarin hulle oënskynlik die sillabetal as 'n middel tot membrakorrespondensie aanwend. Sillabetelling tree ten opsigte van die Sepediwoordgroepe altyd ondergeskik aan enige van die ander versvormlike tegnieke op; hy kan hom nie soos in Frans, as 'n primêre definiëringmeganisme laat geld nie. Dit strook min of meer met Damane en Sanders (1974: 52) se waarneming rakende die Sesothomembra, naamlik dat **most of them are roughly the same length**. Hulle wys dan daarop dat 'n bepaalde heffingtal per membrum 'n belangrike definiëringsprinsiep van die woordgroepe is; die membra, sê hulle, bestaan uit **either three or four stressed syllables**. (Met **stressed** bedoel hulle natuurlik lengte.)

Lestrade het immers reeds in 1935 die aandag op die rol van die heffinge of **nodes**, soos hy dit noem, gevestig. Die voorbeeld wat hy aanhaal, is 'n prysdig op Mošwešwe, die heffinge (**nodes**) dui hy deur die akuutaksentteken aan:

Ngwána / Mmámokhathsáne / Theséle,
Theséle / phára / e teléle / teléle,
'Kgómo / di kéne / ka yóna / ba sa ile.
Hlabísi / ya Bakwéna,
Ák'o / hlabíse / nkhóno / 'áo,
Ák'o / hlabíse / Mmasetenáne / ák' a rwále,
Á re / ke mehlóhlo / ya dikgómo / le ya bátho.
(Lestrade, 1935: 4-5)

**Kind van Mmamokhathsane (Mmamokgatjhane) Tesele,
Thesele die diep spleet,
Vee gaan op pad daarheen in.
Jy wat die Bakwena van slagvee voorsien,
Gee tog aan jou tante ook slagbeeste,
Gee tog aan Mmasetenane slagbeeste dat sy vleis kan wegdra,
Dat sy kan sê, dis vol mae van beeste en van mense.**

Die skematisering van die lengtefoneem in Sepedi is soms die enigste manier om die onderbou of tema, dit wil sê, versvorm te vestig, soos byvoorbeeld in die spreekwoord,

25

Moína ke selépe;
O lála a adimílwe.
Die man is 'n byl;
Hy is altyd uitgeleen.

2.4.2.3 Woorde, woordgroepe en grammatiese strukture

Een van die doeltreffendste gebruike om membra-ewewig aan te bring, is die herhaling van 'n woord(stam), 'n woordgroep, 'n sintaktiese struktuur of ook Damane en Sanders (1974: 54) se **units of meaning**. Hierdie eenhede het 'n semantiese heenwysing wat hulle uiters geskik maak om ekwivalensie te bewerk, maar dan herinner Saporta (1960: 237) ons andermaal daaraan dat dit 'n **systematic repetition** moet wees; dit mag nie grammaties belas word nie.

Die Sepediversleer onderskei tussen 'n gebonde en 'n ongebonde vorm van herhaling. Die *gebonde* vorm hou met 'n bepaalde parallelismeskema verband wat die herhalingsselement in parallelle posisies binne die vers in die onderskeie membra rangskik. In dié opsig herinner die gebonde vorm van herhaling aan rym, daar ook die rymwoorde binne die membra 'n bepaalde plek toegesê kry.

In die Sesothoversbou bespreek Kunene (1971: 68) parallelisme onder die volgende hoofde:

- Die herhaling van woorde of frases (nie noodwendig woordgroepe nie).
- Die herhaling van segmente wat sinonieme of eenhede is wat direk met mekaar verband hou.
- Die herhaling van **syntactical slots**, dit wil sê grammatiese strukture.

Sy benadering noem hy 'n **linear approach**, en verduidelik:

This is an **oblique line** repetition pattern.

26

Die verbindingslyn tussen die herhalingsselemente kan van links na regs, van regs na links of oorkruis verloop, en dit geld vir sowel die gebonde as die ongebonde vorm van parallelismes. Tot sover Kunene.

Die parallelismeskemas is die volgende:

- a. Die skema *a b b c*:

Lentsu ga *le kube*;

Go *kuba* monwana.

Die woord buig nie om nie;

Die vinger wel.

Hierdie skema kom in langer versgehele gereeld voor. Die onderstaande voorbeeld is 'n wiegeliëdjie waarvan die skema na *ab bc cd de* verleng word. Die liedjie bestaan uit drie strofes waarvan die aanhef- en die slotmembrum van elke strofe telkens dieselfde is: strofes 1 en 3 het elk ses membra, strofe 2 het sewe:

Ikhomolele sammane,
 Nka re samme a lla,
 Ka dulela *dipapalo*
Papalo tše se nang **mohola**,
Mohola e le go belega sammane,
 Uwee, uwe-e, uwe - eie - e - e.
 Ikhomolele sammane,
 Nka re samme a lla,
 Ka mo lahla ka mafuri,
 Ka ipelegela *lehlakana*,
Lehlakana **le sa llogo**,
Le sa llogo mohla' pula?
 Uwee-e, uwee, uwe - e - eie - e - e.
 Ikhomolele *sammane*,
Mmago samme **o etla**,
O tla re tlela le *magapu*,
A se magapu ke **mekiti**,
Mekiti ya dikolobe.
 Uwee, uwe - e - e, uwe - ei - e - e.
 (Mamagobo, s.j.: 30-31)
Wees stil moeder se kind,
As moeder se kind huil,
Gaan sit ek om te speel,
Maar die spelery help nie,
Wat help, is om moeder se kind te abba,
Uwee, uwe-e, uwe - eie - e - e.
Wees stil moeder se kind,
As moeder se kind huil,
Los ek hom in die agterwerf,
En gaan ek 'n rietjie abba,
'n Rietjie wat nie huil nie,
Wat nie ten tye van reën huil nie
Uwee - e, uwee, uwe - eie - e - e.

Wees stil moeder se kind,
Moeder van moeder se kind kom,
Sy bring vir ons waatlemoene,
Dis nie waatlemoene nie, dis karkoere,
Karkoere vir die varke.
Uwee, uwee – e – e, uwe – ei – e – e.

- b. Die skema van *a b a c*:

Motšhabapula
O tšhaba modumo.
Hy wat vir die reën vlug,
Is bang vir die dreuning.

- c. Die skema van *a b b a* (kruisparallelisme):

Kgakakgolo ga e na **mabala**;
Mabala ke a *kgakana*.
Die groot tarentaal het nie kleure nie,
Die kuiken het dit wel.

28

Vergelyk die prysdig wat deur Ramaila opgeteken is. *GaMasenya* en *gaTšhokwe* verwys na plekke – die twee lokaliteite waarmee die kruisparallelismepatroon afgerond word:

Ke *bonwa* ke **ba gaMasenya**,
Ba gaTšhokwe ga ba *mpone*.
Masenya-hulle sien my,
Maar Tšhokwe-hulle gewaar my nie.

- d. Die skema van *a b c a*:

Re *bapotše* mokgopana;
Bagolo ba o *bapolla*.
Ons het die velletjie oopgespalk;
Die grootmense het dit afgehaal.

Heel dikwels word sinonieme en antonieme by die parallelismeskemas betrek. Vergelyk die onderstaande voorbeelde:

Sinonieme: Kgaka ya hwa,
Mae a bola.
**As die tarentaal sou vrek,
Vrot die eiers.**

Antonieme: Mobjalaphefo
O buna tshasedi.
**Hy wat wind saai,
Oes 'n dwarrelstorm.**

Die gelykwaardigheid van die membra lê soms hierin dat die membrasegmente wat vir ekwivalensie bestem is, onderkritieke omstandighede semanties slegs by wyse van assosiasie tot membra-ewewig kan bydra. So, byvoorbeeld, kom *geassosieerde* parallelskakeling in die aangehaalde spreekwoord hieronder voor waar *mošate* en *balata*, binne die gesagsfeer van die hoofstat geplaas, met mekaar korreleer, terwyl *koša* en *binela* musiek en dans as raakpunt deel. Die parallelismeskema is dié van *abba*:

Košā ya tšwa mošate;
Balata re a *binela*.
As die hoofstat die deuntjie insit;
Dans ons, die gevolg, daarop.

Vergelyk ook die vroeër aangehaalde Matsepeprysdig waar geassosieerde parallelskakeling binne die beskrewe oorlogsituasie die membra-ewewig bepaal. Dit is 'n voorbeeld van 'n uitgebreide kruisparallelismeskema van *abba cd dc* waar *a* en *c* deur assosiasie die membrakorrespondensie bybring:

Go hwa re hwilego re hwile **senna**;
Marapo a **monna** ke *kokone o lahle*;
Legodimo le lefase di a **lwa**;
Go tloga go **elwa** *ditlholabophelo*.
(Matsepe, 1969 b: 59)

**Gaan ons om te sterf, sterf ons soos manne;
'n Man se gebeente is vir kou en gooi weg;
Hemel en aarde is in stryd;
In 'n geveg om lewe en dood.**

Dan is daar gevalle waar die skakelingsegmente in 'n metonimiese verband tot mekaar staan. 'n Voorbeeld hiervan is in die onderstaande spreekwoord te vinde. Die skema is *a b c a*:

*Kwana tša kgole,
Re bala mekgopa.*

Ons tel die ver skapies se velle.

Die membra is hier deur *verskuilde* of *verdoeselde* skakeling in ewewig gebring.

Ongebonde herhaling vind plaas waar die korresponderende membra mekaar nie opeenvolgend nie, en wat boonop nie volgens 'n bepaalde parallelismeskema hoef in te pas nie. 'n Matsepegedig word ter toeligtig van ongebonde herhaling aangehaal, en op enkele van die skematiseringsgrepe gewys. Dit is geen uiteensetting van die volledige skematiseringsnetwerk nie. Die gedig word vir besprekingsdoeleindes in strofes verdeel, die membra word genommer, en membra 20 en 22 word as retoriese vrae aangedui:

30

1. "Kgomo e a tsha!"
2. "E gangwa ke mang?"
3. "E gangwa ke nna Kgathudi wa masogana,
4. Kgathudi ge le mmone le mmolaeng le mo ripeng hlogo,
5. Gobane re ile re rema mokabi ra re re lomeletša –
6. Anthe mahlogedi a mokabi a sa etla!
7. Nkadime lekola wena molope nonyana ya mohlaka,
8. Pitsi e ntetetše kutung ya thaba ya Rašikwe,
9. Ge e le leeto re ya golele gabo go bona gona nnang.
10. Ke nna Kgathudi wa masogana,
11. Kgathudi maoto ke wo mosese godimo ke mphahlaganyi wa marumo
12. Ao a hudušitšego bophelo bja motho le tau.
13. Ke a kgotsa, ke a makala, nna kgaitšedi ya Leriana,

14. Gore e lego gona bahu ba hwilego go bona ba a bona,
15. Ge nka be ba bona lekaba lentlha morwa wa Mokutu
16. Ao maloba ka ntwā ya go feta kgomo o sware motho –
17. A fetilego motho a swara kgomo,
18. A re bana ba tau ga re jane re molokomong.
19. Malome le rakgadi ba a nkgerula,
20. Ba re e lego gona Kgathudi e tla ba mokgonyana wa mang?
21. Se ntitieleng manxa banabešu ke a le rapela,
22. Bana ba lahlwa ke batswadi ba gagwe?"

(Matsepe, 1969 b: 15-16)

"Die koei se uier brand!"

"Wie gaan haar melk?"

**"Ek, Kgathudi van die jongmanne, gaan haar melk,
Kgathudi, as julle hom sien, maak hom dood, sny sy kop af,
Want toe ons dink ons kap die raasblaar/kierieklapper af,
en meen ons roei hom uit -**

Watwou, kyk die lote, die raasblaar/kierieklapper loop weer uit.

Leen my jou pragtige veer, flapvoëltjie van die vleie en die riet,

Want die sebra wag vir my aan die voet van die Rašikweberg,

**En wat die reis betref, gaan ons na waar niemand ooit weer terugkeer
nie.**

Ek is Kgathudi van die jongmanne,

My voete is smal; my bolyf is 'n bondel assegaie

Wat mens en dier die lewe ontnem.

Ek is verbaas, ek wonder, ek broer van Leriana,

Want as dit so is dat die dooies kan sien, dan sien hulle nou,

Ja, dan sien hulle die ywerige pakos, die seun van Mokutu,

Destyds tydens die wrede menseslagting –

Hoe hy ingetree het, hoe hy menselewens red,

En sê, ons is leeukinders, ons vreet mekaar nie op nie, ons is familie.

Oom en tante gluur my afkeurend aan,

Waarom dan so, wie se skoonseun moet Kgathudi dan wees?

Moet my nie met wrewel bejeën nie, liewe broers en susters, ek vra en

**wil weet,
Word 'n kind deur sy ouers verwerp?"**

Kgathudi tree as sentrale figuur op; dis hy wat die uitdaging aanvaar om die koei te melk:

- Die naam van *Kgathudi* staan voorop (membra 3, 4, 10, 11 en 20), en
- hy word as *Kgathudi wa masogana* benoem (membra 3 en 10), maar
- in membra 13 en 20 kom hy ook onderskeidelik as *kgaitšedi ya Leriana* en *mokgonyana wa mang* ter sprake.
- Bo en behalwe dié benaminge, word hy ook aan die *mokabi*boom en die lote van die *mokabi* gelykgestel (membra 5 en 6).
- Die herhaling van *go ba re e lego gona* (membra 14 en 20) is van kritiese belang om die argument te volg.
- Die gebruik van die besitskonstruksie in bykans elke membrum val op.
- Vergelyk ook die manipulerings van die spreekwoorde in membra 16, 17 en 18: *feta kgomo, o sware motho* en *ga re jane, re bana ba tau, re molokomong*.
- Membra 19 en 21 verraai 'n vorm van kruisparallelisme:
Membrum 19: *Malome le rakgadi* ba a **nkgerula**,
Membrum 21: Se **ntitieleng manxa** *banabešu*.

32

2.4.2.4 Membraherhaling: die lied

Membraherhaling kom hoofsaaklik in die gesonge vers voor wat 'n groter versgeheel is. Dit is gewoonlik 'n simpel storiëtjie vol fantasie, en meesal vir kinders bedoel. Die wiegeliedjie wat vroeër aangehaal is, is 'n voorbeeld hiervan. Die storie word in eenvoudige woordgroepe opgebreek, en elkeen (soos in die voorbeeld hieronder) tree as membrum op en dié word herhaal. Die herhaalde membrum is die letterlike spieëlbeeld van die vorige, en hier word van *opeenvolgende* herhaling gepraat:

Nonyana tena,
Nonyana tena,
O hlomago tswikiritswikiri,
O hlomago tswikiritswikiri,

O ye o botše
O ye o botše
Malome mahlomatala,
Malome mahlomatala,
A ntshegele
A ntshegele
Dietana ke ye Borwa,
Dietana ke ye Borwa,
Ke yo gapa
Ke yo gapa
Namane ye phudufutšwana
Namane ye phudufutšwana
Le bommayo,
Le bommayo,
Maditsi mateletšana,
Maditsi mateletšana,
Ke yo thopa
Ke yo thopa
Ngwana wa mosadi Mokone.
Ngwana wa mosadi Mokone.
(Mamogobo, s.j.: 61)
Stout voëltjie,
Stout voëltjie,
Wat tswikiritswikiri sing,
Wat tswikiritswikiri sing,
Gaan sê
Gaan sê
Vir blouoog-oom,
Vir blouoog-oom,
Dat hy vir my maak
Dat hy vir my maak
Skoentjies om suidwaarts te gaan,
Skoentjies om suidwaarts te gaan,

Dat ek gaan aanjaag,
Dat ek gaan aanjaag,
'n Vaalkleurige kalf
'n Vaalkleurige kalf
En sy ma,
En sy ma,
(Wat) langerige stertkwassies (het),
(Wat) langerige stertkwassies (het),
Dat ek kan gaan haal,
Dat ek kan gaan haal,
Die Mokonevrou se kind.
Die Mokonevrou se kind.

In die voorbeeld hieronder word die woordgroepe of membra wat die storie vertel, nie by die herhaling betrek nie, maar almal neem 'n woord of meer as 'n gemeenskaplike tweede membrum, en dit staan as *afwisselende* herhaling bekend:

34

Dimo wee-e-ee,
Wa rraditlhokwe,
Wa kotwana letee,
Wa rraditlhokwe,
O tiba ka lehlotlo,
Wa rraditlhokwe,
Tla o je nama šeno,
Wa rraditlhokwe,
Ke ya nku ya manoni,
Wa rraditlhokwe.
(Mamogobo, s.j.: 5)
Dimo wee-e-ee,
Van vadertjie hinkepinke,
Met een poot,
Van vadertjie hinkepinke,
Jy stamp met (jou) wandelstok,

**Van vadertjie hinkepinke,
Kom eet vleis, hier is dit,
Van vadertjie hinkepinke,
Dis van 'n vet skaap,
Van vadertjie hinkepinke.**

Vergelyk ook Psalm 136 waar *want sy goedertierenheid is tot in ewigheid* die gemeenskaplike tweede membrum is.

Die herhaling kan ook ongebonde wees, soos in die wiegeliëdjie waarna vroeër verwys is, terwyl die herhaalde membra die strofes omarm.

2.4.3 Membra-ewewig: Strategieë en meganismes

Ná 'n bespreking van die ewewigstegnieke is dit nodig om die aandag op die versgeheel toe te spits waar hulle toegepas word om aan versvorm beslag te gee. In die versgeheel van geringe omvang, soos die spreekwoord,

Máhlo ke diála;

Ga a tšée sa mótho.

Die oë is versiersels;

Dit sal niemand iets ontnem nie,

word ekwivalensie soms deur 'n enkele strategie, naamlik twee heffinge per membrum, teweeggebring, terwyl dit in 'n ander geval soos

Se bóne ngwédi go tága;

Mahubéng a ngwédi go befile.

Verkyk jou nie aan die maanlighelderheid nie;

Met dagbreek verdof dit,

deur nie minder nie as

- drie heffinge per membrum;
- die herhaling van *ngwedi*, asook

- die antonieme (*go*) *taga* en (*go*) *befile* in die onderskeie membra,

tot stand kom.

Wat hier vir die spreekwoord geld, is ook vir die groter versgeheel waar. In die onderstaande fragment uit die epiese gedig *Sebilwane* span Fela vier ewewigmeganismes in om versmaat te vestig. Die membra word van 1 tot 5 genommer:

1. Ngwédi o tšwéle ka dinóka marúng,
2. O kgányá serúnańta sa botšhwéne,
3. Ka letágo o apéša kgóle le kgaúswi,
4. Wa apéša le mótse wa gaMokútu kóbo,
5. Letáta le lesehlána, é re matláló a mebútla.
6. (Fela, 1961: 6)

**Die maan stoot sy heupe deur die wolke,
Hy skyn vir die bobbejane tot 'n luisjag (helder),
In glans klee hy ver en naby,
Klee hy ook die Mokutustat met 'n kleed,
'n Vaal karos soos van haasvelletjies.**

36

Die ewewig word aangebring deur:

- vier heffinge per membrum;
- skakeling – sintakties en semanties – volgens die parallelismeskema van *ab bc cd de*;
- die herhaling van *apeša* in membra 3 en 4, asook
- 'n enerse sintaktiese struktuur in

membra 1 en 3: *o tšwele – ka dinoka*

ka letago – o apeša

membra 3 en 4: o apeša kgole le kgauswi

wa apeša le motse wa gaMokutu

(*kgole* en *kgauswi* word as gevolg van die bindpartikel, *le*, vóór *motse* (membrum 4) as selfstandige naamwoorde gewaardeer, dit wil sê, in die vertaling van *verte* en *nabyheid*.)

Parallelskakeling in sy vormeverskeidenheid is 'n kragtige middel tot membrabalans, en bevestig terselfdertyd dat die semantiek in die geval van die woordgroepe geen geringe faktor is nie.

Let op die vernuftige wyse waarop (S.N.) Tseke deur die enkele strategie van parallelskakeling die membra-ewewig in die aangehaalde gedig hieronder bewerkstellig. Soos in Fela se *Sebilwane* (1961), verskil sy gedig versmatig ingrypend van dié van die prysdig as voordragstuk wat om stilistiese oorwegings 'n eie, of dan 'n ander aanslag vereis. Die Tsekegedig ewenwel is 'n satire, en is in die bundel *Bakantirang* opgeneem wat in 1987 verskyn het. Die membra word genommer, en enkele verstellings is nodig: die *wa wela* – oorspronklik die einde van membrum 6 – word nou deel van membrum 7, en die leestekens word in enkele gevalle verstel: ná membra 4, 5, 6 en 7 word 'n komma aangebring, en ná membrum 8 is daar 'n kommapunt:

1. Hono ge o mpotša nyalo o a nthonkgā,
2. O tloga o kgakgamolla magogo a ntho,
3. Yela ya **kgarebjana** ya Mogofele selailai,
4. **Ngwana** wa dikoti marameng disegišabaeng,
5. A rego a rego a nywanywa **pelo ya itielā botletlolo**,
6. Wa ba wa tšewa ke **mantladima**,
7. *Wa wela masobelong* a motšoko wa **bakgekolo**,
8. *O loketše maoto legapeng* la **bongwana**;
9. *O lebetše beno le bageno* o re **ke ratilwe**;
10. Nna **ke di bone**, monna *ga a bone gabedi*.

(Tseke, 1987: 33)

**As jy my van 'n troue vertel, kwets jy my,
Krap jy eintlik die wonde se rofies af,
Dié van die nooientjie van Mogofele, die liewe ding,
Die kind met die kuiltjies in die laggende wange,
En as sy lag, spring jou hart bolmakiesie,
Raak jy in beswyming,
En beland jy in die knyp van die ouvrouingers in die snuifblik,
Het jy jou voet in die kalbas gesteek by die liewe kind (op die werf);
En jy vergeet van susters en niggies, en jy dink jy word bemin;
(Nee), ek het dit gesien, 'n man kyk nie twee keer nie.**

Tseke groepeer die membra paarsgewys wat sterk aan die versvormlike versorging van die Bybelse Psalms en die Finse epos, die *Kalevala*, herinner. Die membra is elk 'n volledig afgeronde woordgroep

waarvan die membra-ewewig deur skakeling aangebring word. Die parallelismeskema is soos volg: membra 1 en 2: *ab cb*; membra 3 en 4: *de de*; membra 5 en 6: *fg hg*; membra 7 en 8: *ij ij*. (Hierbenewens is membra 7 en 8 ook sintakties/grammaties eners gestruktureer.) En in membra 9 en 10 is die skema dié van *kl lk*. Hier word die eenhede binne die werklikheid van van die tradisionele gebruik van die Noord-Sotho geplaas, en word die membra-ewewig deur geassosieerde kruisparallelisme aangebring. Membra 9 en 10 korrespondeer ook ten opsigte van 'n enerse sillabetal, naamlik sestien. Om aan dié sillabetal 'n groter aandeel in die bepaling van versvorm te verleen, het Tseke die membra sillabies in twee segmente opgebreek, onderskeidelik na *bageno* en *bone*, waarna hy die segmente in die onderskeie gevalle ook in 'n kruisparallelismeskakeling van 6 en 10 teenoor 10 en 6 sillabes gerangskik het.

2.4.4 Die prysdig as deklamasiestuk

Die prysdig as seremoniële voordragstuk is 'n genre wat eintlik deel van die uitvoerende kunste uitmaak, en kom soos die drama eers met die uitvoering daarvan tot sy reg. (In 1939 het Dhlomo (1939: 33-48) in 'n artikel die prysdig met die eertydse (**tribal**) drama in verband gebring.) Dit is ook 'n geleentheidstuk, en bied 'n skouspel waarin die prysdigter wat hom dikwels swaar en weelderig mondeer, die sentrale figuur is, en aan die geleentheid luister verleen. Ook is dit nie ongewoon dat die digter 'n prysdig somer spontaan kan prakseer en voordra nie: hy beroep hom terstond op formules en gedagtegrepe van sy eie, maar beskik ook oor 'n arsenaal van uitdrukkings wat na historiese gebeure, persone of plekke verwys, sêgoed wat mettertyd selfs in die volksmond opgeneem word, gemeengoed raak, en so dan weer in prysdigte van latere geslagte opduik, soos blyk uit die onderstaande voorbeeld waar in Puleng se prysdig, *Dialogana tša marega*, momente in 'n Ramaila-opgetekende prysdig teruggevind kan word. Vergelyk die onderstaande aanhalings:

Puleng:

Di a tsena phankga tša *Moletlane moletlabatho*,
Moletlane o letlilego le ba madi a šele,
 Kokoto tše di tlogo thopa bonna selosethata,
 Bana ba *Kgobadi 'a Nyedimane* hlareng sa namune.
 (Puleng, 1981: 71)

**Die kragtige knape van Moletlane wat voorspoed waarborg, kom binne,
 Moletlane wat selfs vreemdes begunstig het,**

**Die sterkes wat die harde taak gaan voltooi om hulle manlikheid te
bewys,
Die kinders van Kgobadi van Nyedimane by die lemoenboorde.**

Ramaila:

Ke Moletlane o mohubedu,
Kgobadi ga Mpyedimane 'a Tlokwa,
Ga maoka mahloga-pele,
Ga maraka a pula 'a tsheola.

*Ke Moletlane moletlabatho
O letlago ba madi a šele
Bana ba Ramafsinnyane.
(Ramaila, 1959: 71)*

**Ek is rooi Moletlane,
Kgobadi van Mpyedimane van Tlokwa,
By die soetdoringbos wat eerste bot,
By die marankas van die eerste lentereëns.**

**Ek is Moletlane wat die voorspoed waarborg,
Wat selfs vreemdes begunstig,
Die kinders van Ramafsinnyane.**

Die okkasie is plegtig en statig; dit is 'n prestige-oomblik van algemene belang waarin 'n persoon of groep persone – dit kan selfs 'n plek of instansie wees – met lof besing word.

Die digsoort verrai 'n verrassende ooreenkoms met onder meer die spreekwoord en die segswyse wat ook geleentheidstukke is: die prysdig verleenglans, glorie en swieraan die geleentheid; die spreekwoord en die segswyse lewer kommentaar daarop. Die Afrikaanse segswyse, *Die laaste sien van die blikkantien*, spreek byvoorbeeld van ongeveinsde dankbaarheid nadat daar van 'n lastigheid, soos 'n ongenooide kuiergas, ontslae geraak is, en is ook soos 'n spreekwoord 'n kort, pittige uitspraak.

Die prysdig as voordragstuk is versmatig hoofsaaklik semanties/sintakties gedefinieer wat van die leser of toehoorder verwag om voortdurend op subtiliteite bedag te wees. Omdat die membra

sintakties skerp afgebaken word, word hul onderlinge samehang in duidelike, logiese skemas verstewig. Die korrespondensie van die membra word hoofsaaklik deur die skakeling of herhaling van sintaktiese strukture en/of semantiesverwante eenhede bewerk, soos woorde of woordgroepe wat soms antonimies of sinonimies van aard is, of waarvan die strekking dikwels in verbloemde terme deurgegee word. Om dit toe te lig, word 'n prysdig deur Matsepe hier volledig vir dié doel aangehaal en in die besonder bespreek. Die gedig word in strofes verdeel, en die membra van 1 tot 15 genommer:

1. “Kgomo e a tsha!”
2. “E gangwa ke mang?”
3. “E gangwa ke nna Puputle wa masogana,
4. Puputle le mo lemogeng ge e le molamo ke lediana
5. Leo ka lona motsomi a kgaotšego mpšhe hlogo,
6. Lefofa la yona o yo le rweša morwedi wa kgoši.
7. Ke ile ke tla gana nna morwana mpidibidi,
8. Ka gana dikgomo di tšhaba maribe di theogela molapong,
9. Ka retšha e kgwajana ya tswala e kgwadi –
10. Mo go tlogo nna mpheta ka pejana.
11. Mohlang wola phalafala e lla melapong,
12. Ke tšwela ka gae ke retha petlwa ya masetlatlou,
13. Ba re ba mpotšiša gore afa ke tla o gotša wa tuka?
14. Ke re se se bonwego ke monna o mongwe,
15. Le nna ke nyaka go se bona!”

(Matsepe, 1969 b: 15)

“Die koei se uier brand!”

“Wie gaan haar melk?”

“Wie anders gaan haar melk, as dit nie ek is nie, Puputle van die jongmanne,

Puputle, dié moet julle weet, is onder die knopkieries die gooikierie met die groot kop

Waarmee die jagter die volstruis se kop van sy lyf wegskeur,

Die volstruisveer neem hy en gee dit aan die koning se dogter.

Ek het my voorgeneem ek gaan dit nie toelaat nie, ek die kort
 Boesmantjie,
 Ek laat dit nie toe dat die beeste teen die hange van die klowe afstorm
 nie,
 Ek keer daarom die witkruiskoei af, en sy kalf 'n swartwitbulletjie –
 Waar ek gaan, is ek die vlugvoetige.

Op daardie oomblik weergalm die swartwitpenshoring in die klowe,
 Ek tree uit die huis, toets die swaai van die taaiblaarkierie,
 Toe vra hulle of ek 'n vuur kan maak dat dit brand,
 Sê ek, wat die oog van elke man (kan) sien,
 Dié wil ek ook sien.

Die verdelingspunt is sintakties duidelik aangebring, behalwe in die membrum 4 van strofe 1 waar dit kragtens die onderbou van die vers na *lediana* gepostuleer word. Die koördinasiepatroon waarvolgens die membra in die strofes ingepas word, is basies dieselfde as dié wat vroeër bespreek is, te wete *stelling*, *uitbreiding*, *ontwikkeling* en *slotsom*. In strofes 1 en 3 wat uit meer as vier membra saamgestel is, word die ontwikkelingsegment dienooreenkomstig aangevul.

41

Die eerste twee membra van strofe 1 is die aanhef, en dié verkeer in ewewig as 'n uitdagende stelling wat 'n ewe uitdagende vraag ontlok. Die korrespondensie van membra 2 tot 6 word deur parallelskaeling in ewewig gebring:

- Membra 2 en 3: *e gangwa* – *mang*
 e gangwa – *Puputle wa masogana*
- Membra 3 en 4: – *Puputle wa masogana*
 Puputle –
- Membra 4 en 5: – *lediana*
 leo ka lona –
- Membra 5 en 6 verkeer in 'n ewewigsverhouding deurdat *mpšhe hlogo* (dit wil sê *hlogo ya mpšhe*) in verdoeselde skakeling met *lefofa la yona* verkeer, en die gebeurtenisse wat in die onderskeie membra beskryf word, kontrasteer: in membrum 5 word die *volstruiskop gewelddadig verwyder/afgeskeur* en in membrum 6 word *die (volstruis)veer by wyse van verering aan die koning se dogter oorhandig/gegee*.

Die tweede strofe bestaan uit vier membra. Die membrakorrespondensie word bewerk deur

- membra 7 en 8: die herhaling van die werkwoordstam *gana*;
- membra 8 en 9: die ewewigsverhouding wat tussen *ka gana dikgomo* en *ka retšha e kgwajana* bestaan, en
- membra 7 en 10: die gebruik van die prysname *nna morwana mpidibidi* en *nna mpheta ka pejana*.

Beide die bogenoemde prysname word in die membra vooropgestel deurdat hulle aan die einde van die membra voorkom – in posisie wat hulle sentraal plaas: eersgenoemde deur regsverplasing en laasgenoemde deur onbepaaldstelling. Ekwivalensie word verder versterk deurdat *nna Puptle wa masogana* (membrum 1), *nna morwa mpidibidi* (membrum 7), *nna mpheta ka pejana* (membrum 10) en *le nna* (membrum 15) resoneer, en 'n voorbeeld van ongebonde herhaling is.

Die derde strofe bestaan uit vyf membra:

42

- Die ewewig tussen membra 11 en 12 berus op die oorlogsinspeling in *phalafala e lla* (membrum 11) en *ke retha petlwa ya masetlatlou* (membrum 12).
- *Ba re* (membrum 13) en *ke re* (membrum 14) is enerse inleidingsformules wat die membra as 'n vraag en daarna as 'n antwoord op die vraag in ooreenstemming bring. Ook verwys die beeldspraak *ke tla o gotša wa tuka* (membrum 13) en *se se bonwego ke monna o mongwe* (membrum 14) na dieselfde aktiwiteit, en dra so tot membrakorrespondensie by.
- Ekwivalensie word in membra 14 en 15 deur kruisparallelisme vasgelê. (*Monna o mongwe* en *le nna* is geassosieerde skakelingselemente.):
- Membrum 14: *se se bonwego* – *monna o mongwe*
- Membrum 15: *le nna* – *go se bona*

Matsepe was eintlik 'n merkwaardige figuur: met die werk wat pas bespreek is, kom hy na vore as die digter van die prysdig in die tradisionele versidoom, dit wil sê, as deklamasiestuk waarvan die basiese eenhede, ofte wel die membra, sintakties duidelik begrens, en terselfdertyd semanties en sintakties op mekaar ingestel, en tot 'n verweefde versgeheel saamgebund word. Later kom hy weer aan die beurt – dan as die digter van die heffingsvers in Sepedi.

2.4.5 Die Sending en die Sepediversbou

Soos vroeër aangedui, is Sepedi deur die aanvoorwerk van die Berlyns-Lutherse Sendinggenootskap tot skryftaal verhef. Hulle het die taal opgeteken, die Bybel vertaal en kerkliedere geskryf, maar was nie hiervan bewus dat die versgeheel in Sepedi nie, soos dié in Duits, nie 'n heffingsvers is nie. Hulle het ook nie besef dat die Sepedigrammatika die samestelling van die woordgroepe vers begunstig, en dat dit rym boonop as verstegniese middel uitsluit nie. Wat hulle óók verbygegaan het, is dat **die gemiddelde Bantowoord** (lees: Sepediwoord) **uit heelwat meer sillabes as die gemiddelde Afrikaanse woord** (lees: Duitse woord) **bestaan** (Van Wyk, 1975: 19). Daarom het hulle die liedere sodanig bewoerd dat die membra by wyse van sillabetelling by die melodieë van die Duitse kerkliedere moes inpas. Die gevolg hiervan is dat die membra soms uit slegs een of twee woorde bestaan wat moeilik met die heffingsversbou te versoen is. Vergelyk hiervoor lied 139 wat deur die moedertaalsprekende A. Serote geskryf is. Slegs strofes 1 en 6 word vir dié doel aangehaal. Membra 1, 2 en 3 (strofe 1) en membrum 1 (strofe 6) enjambeer. Die sillabetal (sl) en die getal woorde (wd) waaruit elke membrum bestaan, word langsaan weergegee:

	sl	wd
Re tlele ka lešoko	7	3
Morena e o leng	7	3
Sediba sa poloko	7	3
Se re se botileng.	7	2

O tla re botegela	7	1
Go iša bofelong,	7	2
O tla re hlabanela	7	1
Wa re ntšha tlhabanong.	8	2

Wees ons barmhartig
Here, u wat is
Die bron van bewaring
Waarop ons vertrou.

Aan ons bly U getrou
Tot aan die einde,
U stry vir ons
En red ons in gevaar.

Die Serotelied is uit ses strofes van vier membra saamgestel. Dat die membra enjambeer, bevestig slegs dat die lied nie 'n woordgroepeers is nie. Die sillabetal waaruit die membra bestaan, wissel van sewe tot agt, en die ewewigspunt kom ná die sewende of agtste sillabe voor waar dit met 'n woordgrens saamval wat deur rym gemarkeer word. Die beskrywing van die versmatige samestelling van die Serotelied strook merkwaardig met die definisie wat Grammont (1961: 1) van die voortydse Franse sillabiese vers gee. Kortliks kom dit hierop neer dat die ekwivalensie van die membra, soos in die geval van die Serotelied, deur 'n besondere sillabetal bepaal, en die verdelings- en afsnyppunte deur rym gemarkeer word.

Die strofes word hierna deur die rymskema *abab* saamgebind. Die konsekwente gebruik van die rymskemas kom deurgaans in die liederebundel voor. Ook dit is die werkwyse wat in die Duitse liedereboek gevolg word.

Namate geletterdheid toegeneem het, het die inheemse tale as skoolvak erkenning gekry: SehloDIMela, Hlahla, Mokgalong, Khaas, Dolamo skryf vir die kleuters en laerskoolkinders kleuter- en kinderversies. Sommige van die rympies word in die tradisionele versidoom ingeklee; ander is die afskaduwing van die kerklied. Dit het as spoorlag vir die latere digtersgeslag gedien.

Die rymsegment is hoofsaaklik oor twee sillabes van die *vokaal-konsonant-vokaal* versprei – vroulike rym – waarvan die laaste vokaal gefluister word. Waar strofes vantevore soos paragrawe in versvorm afgemete is, korrespondeer hulle nou ook volgens 'n bepaalde membratal asook 'n bepaalde rymskema. Die groot innoveerder ten opsigte van laasgenoemde is Matsepe na wie daar aanstons weer verwys gaan word. Die digters skryf nog wel woordgroepeers, maar eksperimenteer met die heffingsvers.

2.4.6 Die heffingsvers

In sy bespreking van Mayakovski se verskuns wys Zhirmunski (1966: 211-212) daarop dat die Russiese versleer gedurende die vroeë twintigerjare van die twintigste eeu tussen 'n metriese (**metric**) en 'n toniese (**tonic**) verssisteem onderskei het. Eersgenoemde was op die lengte van die sillabes en laasgenoemde op die klemtoon gebaseer. (Hy lig die metriese sisteem nie verder toe nie. Dit is ewenwel sy uiteensetting van die toniese verssisteem wat hier vir die bespreking van die Sepediverssisteem van belang is, ofskoon die Sepediprosodie nie vir 'n klemtoon voorsiening maak nie, maar wel vir 'n lengtefoneem.) Die toniese verssisteem het hy daarna in die sillabo-toniese, die suiwer toniese en die sillabiese sisteme onderverdeel. Vir versboudoeleindes tel die sillabo-toniese verssisteem heffinge, dit wil sê, klemtone (**stresses**) met 'n bepaalde getal neutrals (**unstressed**)

sillabes as konstante tussenin. In die geval van die suiwer toniese sisteem varieer die getal neutrale sillabes tussen die heffinge. Die sillabiese sisteem word gekenmerk deur 'n konstante getal sillabes per membrum waarvan die eindsillabe klem dra.

Soos in die vooruitsig gestel, is Zhirmunski se onderverdeling van die toniese vers in die sillabo-toniese en 'n suiwer of egte toniese vers in die beskrywing van die heffingsvers in Sepedi ter sake: eersgenoemde is die sillabo-toniese vers, soos wat dit volgens Zhirmunski (1966: 211) in die klassieke Russiese, maar ook in die vroeëre Duitse en Engelse (en Afrikaanse?) versbou aan die orde was, en laasgenoemde, dit wil sê, die egte of suiwer toniese vers, is soos dié wat in die werk van Matsepe realiseer. Die verskil waarvan hier gewag gemaak word, is nou van belang; dit het sy ankers in die onderskeie tale, naamlik Duits en Sepedi. Dit is reeds genoem dat die gemiddelde woord in Sepedi veel langer is as dié in Duits, en dat dit nie die samestelling van die sillabo-toniese vers pas nie. Boonop is die posisie van die heffing, die lengtefoneem, in Sepedi voorspelbaar, wat in die Duitse prosodie nie die geval is nie.

Die vernaamste figure, hoewel nie die enigste nie, wat hulle in Sepedi aan die suiwer of egte toniese vers waag – voortaan die heffingsvers genoem – is (E.K.K.) Matlala en Matsepe. Matlala is bekend vir sy versdramas, en dié skryf hy as woordgroepverse. Sy sonnette, daarenteen, bied hy as heffingsverse aan – eksperimentele werke in die ware sin van die woord. Die sonnet, *Sepela botse Mokone 'a Matlala*, is 'n elegiese gedig; die bou en die rymskema is Shakespeareaans: *ab ab cd cd efefgg*. Bykans al die membra enjambeer, en die verdelingspunt word deurgaans deur rym gemarkeer. Die korrespondensie van die membra word deur vier tot vyf heffinge per membrum plus rym bepaal. Die eerste gedeelte van die gedig (membra 1-13) is 'n huldiging; die toepassing daarop (membra 13-14) is 'n wens gebaseer op die huldigingsboodskap:

Sepela botse Mokone 'a Matlala, sepela
Botse 'Mankala 'a Bokone. Šako ka gotlhe
Go ba go tsebago le nolegile moko, tšela
Di rephaletše, matolo a a kweretla, go botlhe
Mariba a ribame, ke sekomanakomana
Ka pelo tše ntsho, pelo tša mošidi. Phiri
A 'Mankala 'a Bokone, bobatsi bokikiana
Bja kgopolo le masene ago, bjaka moriri
O moswana di be di tla ba di nopetše
E le ruri. O, a mahumo awo a manene

A pelokeledi le sebeta, o re swariše ona ge ntše
Re tsena makgotleng a bophelo, a mamene
A fele. Tšhela bašiiwa ka kgalelelo
Ya moya, ba nne ba go gopole ka go sena bofelo.
(Matlala, 1959: 15)

**Vaar jou wel Mokone van Matlala, vaar
Jou wel 'Mankala van Bokone. Die hele geweste
Waar hulle jou ken, is moedverlore, daardie (herinneringe)
Is vaag, die knieë gee mee, almal
Laat die hoofde hang, dis 'n fluistering
Van smart en van droefheid. Die geheime
Van 'Mankala van Bokone, die wysheid en die grootheid
Van jou begrip en jou vermoë soos hare
Wat swart is, sal wegraak
Vir ewig. O, hierdie klein rykdomme
Van regverdigheid en moed, gee ons daarmee krag waar
Ons steeds die raadsvergaderinge van die lewe betree dat die
struikelblokke
Kan verdwyn. Strooi oor die agterblywendes die heerlikheid
Van gees, dat hulle jou altyd kan gedenk.**

46

Die skerp sintaktiese geleding van die woordgroepe is so diep gekeep dat die rym met al die probleme wat daarmee in Sepedi ervaar word, duidelik nie die gewig kan dra om dit na behore as markeringsmiddel te laat geld nie. Matlala was immers 'n bekende en gevierde prysdigter. Dit is daarom moontlik dat hierdie gedig nie 'n heffingsvers is nie, maar wel 'n woordgroepvers. In so 'n geval dwing 'n ander skematisering van versvorm hom na vore, en kan die indeling van die membra – dié word genommer – soos volg daar uitsien:

1. Sepela botse Mokone 'a Matlala,
2. Sepela botse 'Mankala 'a Bokone,
3. Šako ka gotlhe go ba go tsebago le nolegile moko,
4. Tšela di rephaletše, matolo a kweretla, go botlhe mariba a ribame,
5. Ke sekomanakomana ka pelo tše ntsho, pelo tša mošidi,

6. Phiri a 'Mankala 'a Bokone, bobatsi bokikiana bja kgopolo le masene a gago,
7. Bjaka moriri o moswana di be di tla ba di nopetše e le ruri.
8. O, a mahumo awo a manene a pelokeledi le sebete,
9. O re swariše ona ge re ntše re tsene makgotleng a bophelo, a mamene a fele.
10. Tšhela bašiiwa kgalelelo ya moya,
11. Ba nne ba go gopole ka go sena bofelo.

Die organisering van die membra berus op semantiese en sintaktiese oorwegings. Die verdelingspunt is 'n duidelike sintaktiese snit, en die membra-ekwivalensie word bepaal deur:

- membra 1 en 2: 'n enerse sintaktiese struktuur, asook die herhaling van
- **Sepela botse Mokone/Bokone,**
- membra 2 en 6: die herhaling van '**Mankala 'a Bokone,**
- die sinonieme vorme wat metafoeries optree:
- membrum 3: **nolegile moko,**
- membrum 4: **rephaletše, kweretla** en **ribame,**
- membrum 5: **pelo tše ntsho** en **tša mošidi,**
- membra 5 en 6: die herhaling van *pelo* in die begrippe **pelo tše ntsho, pelo tša mošidi** (membrum 5) en **pelokeledi** (membrum 8) om die gevoel van verlies deur kontrastering in die gedagte op te roep,
- die stelling en die versugting in onderskeidelik membrum 8 (**mahumo**) en membrum 9 (**ona**) wat die ewewig verseker,
- membra 6 en 9: **kgopolo le masene** aan **moriri o moswana** gelyk te stel,
- membra 6 en 8: **kgopolo le masene** en **pelokeledi le sebete** wat binne verband as 'n vorm van ongebonde herhaling opereer,
- die enerse sintaktiese struktuur van membra 10 en 11:
- membrum 10: **tšhela basiiwa – ka kgalelelo ya moya** (die huldigingswens),
- membrum 11: **ba nne ba go gopole – ka go sena bofelo** (die wensvervulling),
- membra 9 en 10: die herhaling van *fele* en *bofelo*, dit wil sê, van die begrip van *voltooiing*,
- membra 9, 10 en 11: die gebruik van die subjunkties en die imperatief wat semanties skerp met die imperatief in membra 1 en 2 kontrasteer, maar waar daar in beide gevalle 'n wens uitgespreek word.

Die woordgroepgrense ná *rephaletše* (membrum 4), *kweretla* (membrum 4), *ntsho* (membrum 5), *Bokone* (membrum 6) en *bophelo* (membrum 9) is versmatig neutraal. Wat ewenwel met hierdie kragtoer gedemonstreer word, is dat rym 'n minimale – indien enige – versvormlike effek in Sepedi het; dat die sogenaamde rymwoorde in die gerekonstrueerde woordgroepvers hulle nie as steuringselemente laat voel en versmatig geen onreëlmatigheid veroorsaak nie, maar totaal in die geskematiseerde woordgroepe verdwyn waar sintaktiese snitte die ewewigspunte vestig.

Gedurende die sestiger- en sewentigerjare van die twintigste eeu kom Matsepe aan die woord. Benewens sy prosawerke, word daar ses digbundels gepubliseer. Sy digwerk bestaan uit rymverse, waaronder onder meer Shakespeareaanse sonnette en dan prysdigte, dit wil sê, rymlose verse, tel. Sy vindingrykheid ten opsigte van die rymskema ken haas geen perke nie. Voorbeelde hiervan (geen volledige lys nie) word uit enkele bundels geneem en hier weergegee. Die gedig- en sonnettittels word nie verstrek nie; die bladsynommers in die betrokke bundels word tussen hakies aangedui:

Rymverse

Kwela-pele (1969):

abcabcd (p. 42); aabbaab (p. 26); ababc (p. 20), ens.

Phalafala ya koma (1970):

abab (p. 26); abcc (p. 25); aabb (p. 24); abba (p. 1); abaa (p. 3); aaaabb (p. 6); abccba (p. 8); aaabbc (p. 9), ens.

Molodi wa thaga (1971):

aabbcd (p. 5); abac (p. 7), ens.

Sonnette

Kwela-pele (1969):

aabb ccdd eeff gg (p. 14); abbc deef ghhi jj (p. 47), ens.

Phalafala ya koma (1970):

abab cdcd efef gg (p. 46); abba cddc effe gg (p. 45); abaa cdcc efee gg (p. 19); aaba ccde eefe gg (p. 17); aaab cccd eeef gg (p. 16), ens.

As rymsegment gebruik Matsepe in 'n toenemende mate 'n woord of woordstam. Rym wat in wese die herhaling van spraakklanke is, word nou die herhaling van betekenismomente of grammatiese

elemente. Die verrassingselement wat klankgelykheid inhou, gaan verlore, en die **expectation of surprise** waarvan Stankiewicz (1961: 15) praat, is nie daar nie.

Matsepe is ongetwyfeld die veelsydigste digter in Sepedi. Sy prysdigte sluit tegnies by die tradisionele versorgingswyse van gedigte aan; sy rymverse is die naaste wat die Noord-Sothodigter aan die skrywe van die heffingsvers kom. Die kort Matsepegediggie, *Ge letšatši le diketše*, is 'n voorbeeld hiervan. Dit bestaan uit twee strofes van vier membra per strofe. Dit is 'n rymvers – morfeemrym – en die skema is *abac*. Van die membra is sintakties afgebaken, maar is nie so skerp gekeep soos in die geval van die woordgroepvers nie. Die membrakorrespondensie word deur twee heffinge per eenheid bewerk:

Ge letšatši le diketše,
Le leswiswi le swere,
Gona ga ke aketše,
Ge ke re ke bošego.

Wena o nkgalago,
Lebelela kua godimo,
Seo se bonalago
Ke eng ge e se dinaledi?
(Matsepe, 1971: 7)

**As die dag gedaal het,
En die donker oorneem,
Dan misgis ek my mos nie**

**As ek sê, nou is dit nag.
Jy wat my altyd betwyfel,
Kyk na die hemel daar bo,
Is dit wat jy daar sien,
Is dit nie die sterretjies nie?**

Die digtersgeslag wat onmiddellik ná Matsepe aan die woord kom, hou hulle hoofsaaklik met die skryf van prysdigte en werke in die tradisionele versmaat besig. Die heffingsvers het nie heeltemal verdwyn nie, en die tendens om rym deur die herhaling van woorde of woordstamme te vervang –

soos Matsepe dit ook gedoen het – bly staan. Maar diegene was ook daar, die enkelinge wat meen dat die eksperiment met die heffingsvers hulle in 'n doodloopstraat gelaat het. Hulle versaak nie almal die tradisie nie, en skryf nog steeds woordgroepe, maar worstel ook met die lastige vrae wat as die nalatenskap van die sending gesien kan word.

2.4.7 Digtors ná Matlala en Matsepe

Die vraag is of die werke van hierdie digtersgeslag 'n vroeë beduidenis van 'n vrye vers in Sepedi is, en dat daar soos in Frans, naas 'n klassieke, ook 'n vrye verssisteem, elk met sy eie wette en reëls, onderskei kan word (Czerny, 1961: 299). In 'n referaat oor die korrelasie tussen vers- en prosavorm meen Hrabak (1961: 245) dat die haakplek tans eintlik hierin lê dat die vrye vers hom ook van die prosawerk moet kan onderskei. Hy meen dat

la frontière existant entre un tel vers libre et la prose doit être très distincte et c'est pourquoi le vers libre exige un certain aspecte graphique pour être perçu comme un forme du langage "en vers".

50

Czerny ewenwel stel dit duidelik dat die Franse vers waaroor hy dit het, nie 'n oorgangsvorm is nie; by hom gaan dit oor 'n gedig, en dié is in versmaat. Hy wys ook daarop dat die Franse vrye vers nie oornag 'n werklikheid geword het nie, maar gedurende die negentiende eeu ontstaan, en dat die evolusie daarvan, soos hy dit noem, in fases verloop het; periodes waartydens ruimskoots geëksperimenteer is (Czerny, 1961: 253).

Die belangrikste punte in die teorieë, deur Czerny (1961: 258-260) bespreek, kom kortliks hierop neer dat die basiese versmaateenheid **la laisse** is, 'n eenheid wat in hierdie skrywe oor die Sepediversbou vir sowel die vers as die versgeheel instaan, en in oud-Frans 'n epiiese strofe genoem is. Hy praat hiervan ook as **la phrase musicale-verbale**. Die kleinste fisiese (**organique**) eenheid is **le vers** (lees: membrum); dié word deur 'n asemstoot (**d'expiration**) begrens en deur 'n pouse gemarkeer. Dit is terselfdertyd die heel kleinste eenheid **de la pensée poétique (qui) répond un unité structurale et formelle supérieure, la laisse, comme au vers classique correspond le strophe** (Czerny, 1961: 258). Die fisiese faktore, soos die aksentuele, die respiratoriese en die liriese of musikale (**melique**) elemente; dié, sê hy, is onlosmaaklik met die psigiese faktore verweef, terwyl die gesproke woord (**parole**) in logies-sintaktiese groeperinge die vrye vers deur segging of suggestie tot 'n sinvolle geheel omvorm.

Jakobson (1960: 360) se verwysing na **le vers libre** is ewenwel kort en kragtig: [...] **the varieties of the so-called vers libre [...] are based on conjugate intonations and pause only**, terwyl De Groot (1946: 92) meen dat dit **alle verse is waarin de correspondentie van versregels swak is**.

Volgens Czerny (1961: 261-278) kry die versmaat sy beslag deur een of selfs twee of meer versboupinsipes (**principes**) wat tegelykertyd in toepassing verkeer. Hy onderskei ses hiervan, naamlik die sillabiese, die ritmies-aksentuele en die homofoniese prinsipes, asook dié van die konstantes, dié van die simmetriese, en dié van enumerasie.

Op die keper beskou, is daar op kritiese punte 'n merkwaardige ooreenkoms tussen die genoemde vrye en die klassieke verssisteme waar te neem:

- Beide neem **le vers** (lees: membrum) en **la laisse** (lees: vers) as basiese of noodsaaklike verseenhede.
- Die hiërargie tussen membrum en vers word erken.
- Die prinsipes wat versvorm volgens die vrye verssisteem bepaal, kom in 'n groot mate met sommige verstegnieke ooreen wat versmaat in die Sepediwoordgroepvers ten grondslag lê.

51

Dat die vrye en die klassieke verssisteme wel verskil, is nie te betwyfel nie; die verskil is die uitgangspunt. Vir die vrye verssisteem is die versgeheel 'n literêre werk, 'n estetiese voorwerp, en word versvorm deur **la beauté poétique** (Czerny, 1961: 267) bepaal. Die klassieke versleer, hierteenoor, spits hom toe op die versgeheel as 'n vorm van taalgebruik – en dit is enige vorm van taalgebruik waarvan die versmaat linguisties gedefinieer word. Die estetiese funksie van versvorm, soos reeds aangedui, word erken, maar die situasie daarvan is nie deel van die opdrag nie; dit is verbode terrein en word nie betree nie.

Hoe dit ook al sy, die Czerny-opstel mag geensins geïgnoreer word nie, en is 'n belangrike bydrae tot die diskoers oor die vrye vers. Of die laaste woord hieroor al gesê is, is onwaarskynlik.

Om die vraag te beantwoord wat vroeër ten opsigte van die Sepediversbou gestel is, word die digwerk van Lentsoane, Ratlabala, Puleng en Kekana nou onder oë geneem; hulle is die digters wat hulle aan die vernuwing waag. Lentsoane en Puleng skryf naas eksperimentele gedigte, steeds woordgroepverse. Dié van Puleng sluit selfs prysdigte in wat soos die tradisionele werke versvormlik, maar ook stilisties, as deklamatoriese gedigte versorg is.

2.4.7.1 H.M.L. Lentsoane

Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu verskyn die werke van Lentsoane. Hy is een van die belangrike Sepedidigters. Benewens digbundels, waaronder onder meer 'n epiese gedig tel, skryf hy 'n novelle. Sy digwerk sluit woordgroepverse maar ook gedigte in waarin die hiërargie tussen vers en membrum nie duidelik uitgespel word nie. Die woordgroepverse verskil van die **klassieke** patroon van samestelling, en wel hierin dat dit, stilisties beoordeel, nie voordragstukke is nie. Die versmaat bly egter strak geformuleer. Vergelyk hier die protesgedig, *Nka be ke na le mafego*, wat volledig aangehaal en bespreek word. Met die oog hierop word die membra van 1 tot 14 genommer:

1. Nka be ke na le mafego,
2. Ke fofele mankalakaleng,
3. Ke yo kotama lefaseng le lengwe
4. Mo moya nka hlabjago ke wa lerato,
5. Nka phafošwago ke wa khutšo,
6. Mo go se nago kgethologanyo,
7. Mmala o sa tsitsinkelwego.
8. Bjale ke tla itheng?
9. Lefaseng le ka mogopolo ke a fihla,
10. Ge e le ka motšhene gona aowa.
11. Nka be ke na le mafego,
12. Ke fofele mošwa-mawatle,
13. Ke yo bona Baswana ba Amerika,
14. Ba nthute maletlane a go fofa ka diphatšamaru.

(Lentsoane, 1975: 62)

Sou ek vlerke hê,

Sou ek die ruimtes kon invlieg,

En in 'n ander land gaan hurk,

Waar 'n gees van liefde heers,

Waar ek deur vrede gewek sou word,

Waar daar nie apartheid is nie,

En kleur nie ondersoekend beskou word nie.

Wat sal ek nou sê?
In my verbeelding kan ek daardie land bereik,
Maar nie deur meganiese middele nie.
Sou ek vlerke hê,
Kan ek oor die oseaan heen vlieg,
En die Negers van Amerika gaan besoek,
Dat hulle my leer om ruimtetuie te bestuur.

Ekwivalensie word bepaal deur:

Membra 1 en 2:	Die semantiese verband tussen mafego en fofele plus die allitererende effek van die f
Membra 2 en 3:	Die enerse sintaktiese struktuur
Membra 4 en 5:	Die enerse sintaktiese samestelling plus die gedeelde semantiese heenwysing
Membra 6 en 7:	Die verwysing na apartheid
Membra 8 en 9:	Die naasmekaarstelling van die vraag, ke tla itheng , en die antwoord daarop, (ka mogopolo) ke a fihla
Membra 9 en 10:	Die opweeg van mogopolo en motšhene
Membra 11 en 12:	Die membra wat die weerklank van membra 1 en 2 vorm
Membra 12 en 13:	Die enerse sintaktiese struktuur plus die semantiese verband tussen mošwa-mawatle en Amerika
Membra 2, 12 en 14:	Die gemeenskaplike herhalingssegment, fofa en fofele
Membra 1, 9, 10 en 14:	Die gemeenskaplike herhalingssegment, mafego, ka mogopolo, ka metšhene, diphatšamaru

53

Dan is daar die tweede groep van gedigte wat versvormlik twyfelagtig saamgestel is. So 'n gedig is *Botšofadi*. Hierin behandel hy ouderdom as 'n onafwendbare en aaklige verskynsel:

Botšofadi, o morwalo,
 O kotlo, o kgati.
 Maoto re a oketša,
 Mahlo re a oketša,

Mmele o a kgopama,
Sefahlogo ya ba diforo,
Boso bo tswala bošweu,
Meno a a ikela,
Mogopolo ya ba wa ngwana,
Go sepela ya ba ga leobu,
Bangwe ya ba go hahlwa,
Botšofadi, o morwalo,
Mafelelo a tšohle,
Mafelelo a tsela.

(Lentsoane, 1975: 5)

**Ouderdom, jy is 'n las,
'n Straf en 'n lat,
Voete word bygevoeg,
Oë word toegevoeg,
Die lyf verkrom,
Die gesig raak beplooi,
Alles vergrys,
Die tande gee pad,
Kindsheid tree in,
Die bewegings is trapsuutjie-agtig,
Sommige word gelei,
Ouderdom, jy is 'n las,
Jy is die einde van alles,
Jy is die einde van die pad.**

Wat met die eerste leeslag opval, is dat die membra as kort indikatiewe sinnetjies saamgestel is wat onafhanklik van mekaar staan, hoewel hulle in verwysing na die ouderdomverskynsel 'n raakpunt deel. Omdat die verdelingspunt en die afsnygrens nie koördineer nie, word die sinnetjies, ofte wel die membra, inskrywings op 'n lysie van ouderdomsgebreke wat in so 'n geval onderling los van mekaar staan, en daarom herrangskik en selfs na willekeur aangevul of weggelaat kan word. Die hiërargie tussen membrum en vers realiseer nie.

Met *Botšofadi* en ook van die ander gedigte gee Lentsoane 'n tree in die rigting van die vrymaking van die dissipline wat die **tradisionele versbou** van hom eis.

2.4.7.2 S. Ratlabala

Die digbundel *Ithute* direkto verskyn in 1967 onder die name van Bopape en Ratlabala. Dit word nie aangedui wie watter gedigte geskryf het nie. Dit is egter nie moeilik om Ratlabala se aandeel raak te vat nie – die gedigte is meesal lank, die m embra kort, en dié bestaan hoofsaaklik uit slegs een of twee woorde. 'n Tweede bundel, *Ditsitsinkelo tša sereti*, dié keer onder sy eie naam, word in 1977 gepubliseer. Die membra is andermaal kort – so kort dat die gedigte as twee kolomme op 'n bladsy gedruk staan. 'n Fragment van die gedig, *Leeba la monnanna*, word hier aangehaal en toegelig:

Leeba ke moya
Woo o tiilego
Go Jesu Kriste
Wa mo fa matla.
A ya lehanateng
A tiile matla
A rapela bošego le mosegare
Ka gore
E be e le Yena
Monnanna wa matla.
Ka sebopego sa Leeba
Go baapostola le balatedi
Moya o tlile
Ka dikgao tša maleme
A kgabo tša mollo
Le ka phefo ya moya
Wa ba fa matla
Le sebeta sa monnanna.
(Ratlabala, 1977: 42)

**Die duif is die gees
Wat sterk is
In Jesus Christus
En dit gee hom krag.
En hy gaan woestyn toe
Terwyl hy sterk is**

En hy bid dag en nag
Want
Hy is Hy
Die ware man met krag.
In die gestalte van 'n Duif
Aan sy apostels en volgelinge
Het die Gees verskyn
In verskillende tale
Wat vuurvlamme is
En met 'n geesteswind
Wat krag gee
Asook mansdapperheid.

56 Die meerderheid van die membra enjambeer, wat beteken dat die gedig nie 'n woordgroepvers is nie. Om as 'n sillabiëse of 'n heffingsvers oorweeg te word, sou die verdelings- en afsnyppunte linguïsties aangedui moes word. Dit gebeur nie en die hiërargie tussen die noodsaaklike verseenhede bly in die slag. Die membra is waarskynlik as gedagtegrepe afgemeet. (Die gedagtegreep is hier 'n diffuse begrip – vaag omlyn, wydlopig en met 'n emosionele basis en maak voorsiening vir membra van uiteenlopende aard en omvang.) Die saak is dat die samestelling van die vrye vers ook deur reëls en wette voorgeskryf word (Czerny, 1961: 299) om dit van sowel die **klassieke** vers as die **prosawerk** te kan onderskei.

In die gedig Khutšo waag Ratlabala sy hand aan die skryf van 'n heffingsvers: die ewewigspunt word deur rym gemarkeer, en die korrespondensie van die membra word hoofsaaklik deur twee heffinge per membrum plus rym aangebring. Die gedig word nie in sy geheel aangehaal nie:

Khutšo ke sediba
Sa lehumo la moya
Ka ka lehumo la boya
Bjo bo tšwago nkung,
Ga se dule setung ...
(Ratlabala, 1977: 8)
Vrede is 'n fontein

**Van geestesrykdom
Soos wolrykdom
Wat van 'n skaap kom,
Dit bly nie stil nie ...**

Dit is duidelik dat die gedig as 'n heffingsvers saamgestel is, maar die vraag is egter wat die stylleer sê: eerstens, omdat **wolrykdom** (membrum 3) aan **geestesrykdom** (membrum 2) gelykgestel word, en tweedens, omdat Ratlabala in sy soeke na 'n rymwoord vir *setung*, **by die stilte/swye**, die keuse op *nkung*, **by die skaap**, laat val, maar nie voordat hy eers verduidelik het dat wol van 'n skaap kom nie.

2.4.7.3 N.S. Puleng

Puleng se bundel, *Seipone sa madimabe*, verskyn in 1981. Van sy vernuwende werk is gewaagd eietyds, en sluit protesdigte in. Sy prysdigte, soos vroeër aangedui, is woordgroepverse in die tradisionele prysdigidoom geskryf. Die eksperimentele werke is meesal lang gedigte soos dié van Ratlabala: die membra is kort en bestaan dikwels ook uit 'n enkele woord. Die onderstaande aanhaling kom uit *Bohwa bja ka*, 'n gedig van 26 strofes wat elk uit drie membra of reëltjies bestaan. Hiervan word slegs strofes 16, 21, 22 en 23 van nader beskou, kortliks bespreek, om daarna by wyse van 'n samevatting, en met inagneming van die laaste twee membra van strofe 26 afgesluit te word:

57

16. O bohwa bja ka,
O tlotlo ya ka,
O phelo bja ka,

21. Iša mahlo motsemollakoma,
O ba phuthile,
O ba kgobokantše.

22. Ba tšwa kgole le kgauswi,
Ba tlile mafatong,
Ba tlogetše dirathana.

23. O sehlogo gakaakang,
O amološa ngwana le mosadi,
O amološa mosadi le monna.
(Puleng, 1981: 6-8)

16. **Jy is my erfenis,
Jy is my fortuin,
Jy is my lewe.**

21. **Kyk na die grootstad,
Hy het hulle bymekaargemaak,
Hy het hulle versamel.**

22. **Hulle kom van ver en naby,
Hulle het myne toe gekom,
Hulle het die armoede verlaat.**

23. **Jy is meedoënloos,
Jy skei kind en moeder,
Jy skei man en vrou.**

Die gedig handel oor die verontrustende werklikheid waaraan die waardes van die tradisie en kultuur (strofe 16) in die huidige opset van sake blootgestel word. Dié word fasetsgewyse aan die orde gestel, en van strofes 21 tot 23 word daar op die vernietigende invloed van die grootstad gewys. Sowel die membra as die strofes gee los indrukke, waarnemings of ervarings weer. Die strofes vorm elkeen na inhoud 'n samehangende geheel, maar die membra is basies indikatiewe sinnetjies wat soos kort opsommende notas oor 'n besondere projek of voorwerp deurgegee word. Hulle is sintakties skerp verdeel, hoewel daar 'n patroonmatigheid in die groepering binne die strofes deurskemer: in die eerste membrum word 'n saak gestel, en in die tweede en derde word aspekte daarvan opgenoem. Die sintaktiese verdeling van die membra, tesame met die semantiese strekking van elkeen, plaas hulle in hoë mate gelykberegtig teenoor mekaar, wat beteken dat versmaat nie soos in die geval van die klassieke vers gedefinieer kan word nie. Die membragroupering herinner daarom aan dié in die Lentsoanegedig wat bespreek is.

Die laaste twee membra van strofe 26 verkeer in ewewig deurdat nyobeng (membrum 1) links verplaas word sodat se tsene en se tlo fetša (membrum 2) binne 'n onheilswerklikheid assosiatief as ewewigselemente volgens die skakelingskema ab cb korrespondeer. Die strofe sluit dus op 'n waarskuwende noot af:

Seboko sona nyobeng se tsene,

Ra se upe se tlo fetša.

(Puleng, 1981: 8)

Die wurm is in die soetriet,

As ons dit nie behandel nie, gaan dit (die soetriet) bederf.

2.4.7.4 M.A. Kekana

Kekana is een van die min vroue wat deel van die Sepedidigerskorps uitmaak, en het ook as skrywer van avontuurverhale haar naam gevestig. Met haar digwerk bemoei sy haar hoofsaaklik met maatskaplike probleme, en dié moet uitgewis word. In die gedig *Thabo* behandel sy die pynlike situasie waar 'n kind op pad skool toe deur 'n dronk bestuurder doodgery word. Dit is 'n lang gedig en slegs 'n enkele strofe word aangehaal. Die membra word vir besprekingsdoeleindes genommer:

59

1. Ke ipotšiša gore naa Thabo mošemane wa thabo,
2. O thomile go tšea ka efe tsela naa?
3. Ge a boa sekolong morwediake a tla le phetolo,
4. "Thabo o hloketšše mma, o thutšwe ke sefatanaga
5. Mesong ya maabane ka Mošopologo." Ke ile ka lla.
6. Bjalo ka mehlang, maabane mesong Thabo o be a
7. Ithabetšše a ikela sekolong a letša molodi wagwe,
8. Ge molato o tla le sefatanaga seo
9. Mootledi wa sona a tagilwego ke dibabalase,
10. A tšea bophelo bjo bo thabilego bja Thabo,
11. Sa bo fetoša manyami a magolo
12. A nyamišago le meso.

(Kekana, 1985: 37-38)

Ek vra my af, die vrolike seuntjie Thabo,

Watter pad het hy (nou skool toe) begin vat?
 Toe my dogter van die skool tuis kom, verduidelik sy,
 "Thabo is dood, moeder, deur 'n motor omgery
 Gisteroggend, Maandag." En ek het gehuil.
 Soos altyd het Thabo gisteroggend
 Vol blydschap op pad skool toe sy liedjie gefluit.
 Toe die motorongeluk gebeur
 Waarvan die eienaar ver van nugter was,
 Is die blye lewe van Thabo hom ontnem,
 En dit in 'n groot oomblik van droefheid verander,
 (En) die oggend in lanfer en rou gelaat.

Kekana skryf natuurlik en spontaan, gestroop van aanstellerigheid. Sy formuleer haar gedagtes in vloeiende, lang golwende sinne wat sy willekeurig in membra afmeet. Van die membra – 4, 6, 8 en 11 – enjambeer; ander word deur sintaktiese nate begrens wat nie versvormlik diensbaar optree nie. 'n Beduidenis van versmaat – dié van die woordgroepe – is wel in die genoemde fragment te bespeur, soos:

60

- die kruisparallelisme in membra 5 en 6:

mesong ya maabane	-	<i>ka Mosopologo</i>
<i>ka mehleng</i>	-	maabane mesong
- die parallelismeskema van *abbc* in membra 11 en 12:

sa bo fetošā	-	<i>manyami a magolo</i>
<i>a nyamišago</i>	-	le meso
- die kontras tussen *thabilego* en *manyami* in membra 10 en 11.

Versmaat word egter versteur deur (a) die toevoeging van die sin, *Ke ile ka lla*, in membra 5, en (b) die verdeling wat tussen membra 6 en 7 in die middel van 'n woord plaasvind. In sy geheel voldoen die geleding van die gedig nie aan die beginsels wat versvorm onderlê nie. In sommige van haar gedigte, soos onder meer *Se ke hloilego* (1981: 19) en *Mogatša' setagwa* (1981: 20), is die aanduidings daar dat hulle met enkele aanpassings as woordgroepe herformuleer kan word. Dat sy versmaat in haar werke nie met sorg definieer nie, is seker. Dit hou daarmee verband dat die membra nie toereikend as woordgroepeenhede omgrens, en terselfdertyd in koördinasie met mekaar gebring word nie.

2.4.8 Un certain aspect graphique

Die eksperimentele gedigte van Lentsoane, Ratlabala, Puleng en Kekana word grafies as versgehele aangebied, en lê daarom buite die oordeelsbevoegdheid van die **klassieke** versleer. Nêrens kan daar in hierdie stadium vir Sepedi vaste kenmerke of beginsels vasgevat word waarvolgens die versvormlike samestelling van hul eksperimentele digwerk beskryf kan word nie. Terselfdertyd word daar, behalwe vir die grafiese inkleding van hul gedigte, geen aanduiding voorsien dat dié werke van prosamededelings verskil nie, sou hulle as vrye verse aanspraak sou maak.

Die probleem met Lentsoane en Puleng se werk is dat die membra in kort sinnetjies afgemeet word, maar dat die koördinasie tussen verdelingspunt en afsnygrens uitbly. Ratlabala – in 'n mate ook Kekana – verdeel die membra willekeurig, waarskynlik om die gemoed of die emosionele ingesteldheid van die digters op te roep of te probeer toelig.

hierdie bladsy word doelbewus leeg gelaat

3. Samevatting: Sepediversmaat

Die onderbou van die versgeheel kom deur die ordening van linguistiese besonderhede volgens die beginsels van verdeling en ekwivalensie tot stand. In Sepedi begunstig die grammatika die samestelling van die woordgroeppers, en dit geskied:

- deur die skematisering van sowel fonetiese/fonologiese as sintaktiese en semantiese besonderhede. (In die geval van sillabiese en heffingsverse word slegs die fonetiese/fonologiese gegewens daarvoor in aanmerking geneem.)
- deurdat die verdelingspunt 'n sintaktiese snit is wat met 'n woordgroeppergrens saamval. In die gevalle waar 'n saamgestelde woord die eerste membrum uitmaak, tree die woordgrens as verdelingspunt op. Deur die koördinasie van die verdelingspunt en die afsnygrens word (a) die hiërargie tussen die membrum en die vers bepaal, en (b) die samehang tussen die membra aangebring. (Die ewewigspunt tussen die membra in die geval van die sillabiese en heffingsverse val met 'n woordgrens saam, en dié moet gemarkeer word. Rym word onder meer met die oog hierop aangewend. In die geval van Shakespeare- en Miltongedigte, waarna verwys word, kom 'n ritmespits ook as verdelingsgrens tussen membra in aanmerking.)
- deurdat die herhaling van heffinge, sillabes, semantiese eenhede en sintaktiese strukture die membra in ewewig bring. Versmaat vereis dat herhaling as sodanig nie linguisties funksioneel mag wees nie. Die Sepedigrammatika sluit rym as verstegniese middel uit. (Rym het in die geval van die sillabiese en heffingsverse, benewens die markeringsfunksie, die vermoë om ekwivalensie te bewerk.)

63

Die werksaamhede van die Berlyns-Lutherse Sendinggenootskap het Sepedi nie net tot skryftaal verhef nie, maar ook daartoe bygedra dat die Sepedidigter hom aan die skryf van die heffingsvers gewaag het. Dit het nie sonder probleme verloop nie, en dat die rigting wat die jonger digtergeslag inslaan op 'n **vers libre** in Sepedi gaan uitloop, sal die tyd nog moet uitwys.

Bylae

Die prysdig, hier aangehaal, kom in Mamogobo se novelle *Kgamphuphu* (Mamogobo, s.j.) voor. Die werklikheidsopset of die omstandighede waaronder die prysdigter – dit is Kgamphuphu – die woord voer, word volledig deur Mamogobo beskryf. Dit beteken dat die agtergrondkennis waaroor die toehoorders (in dié geval die lesers) moet beskik om te begryp waaroor die gedig gaan, hier deur die outeur in sy beskrywing voorsien word. Enkele besonderhede uit dié werklikheid wat in *Kgamphuphu* opgeteken en vir die verstaan van die prysdig vir die lesers noodsaaklik is, word nou kortliks uitgelig.

Die verhaal is 'n mengsel van gegewens uit die geskiedenis en die folklore van die Batau. Dit was 'n tyd van stamoerloë en heldedade. Die gebeure speel af ná die ontdekking van diamante toe lede van die Batau te voet na Kimberley gegaan het om vir gewere te werk. Die name Tšelane en Kgamphuphu, asook die beskrywing van Dimo, die mensvreter, en MmagoNgwato, die heks, vorm deel van die folklore, maar so ook die diere wat kan praat. Tšelane se geboorte vind in 'n skeur van 'n maroelaboomstam plaas waar haar ma tydens 'n vyandige inval gaan skuil het. Haar ma word later ná die geboorte van Kgamphuphu, die hooffiguur in die vertelling, deur MmagoNgwato vergiftig, en die seuntjie word deur sy suster, Tšelane, grootgemaak.

Aan die skryfwyse van die oorspronklike teks is niks verander nie, behalwe dat *dimo* en *lepono* (membrum 15) as hoofletterwoorde herskryf is – 'n regstelling ooreenkomstig die skrywe daarvan elders in die boek (p. 9). Die gedig word in strofes verdeel en die membra genummer.

Die versmatige samestelling van die gedig sien soos volg daaruit:

- a. Verdeling: Die gedig bestaan uit 11 strofes. Die membratal per strofe wissel van 2 tot 6.
 - Die membra is sintakties in duidelik afgeronde woordgroepe afgemeet. Die basiese sintaktiese struktuur van die membra is kenmerkend van die prysdig as voordragstuk, naamlik dat 'n (onderwerp) gesegde inleidend en gefokus vooropgestel word. Daarna volg 'n uitbreiding wat bepaal of die samestelling van die membra versmatig relevant is.
- b. Ekwivalensie: Die membrakorrespondensie word deur die herhaling van woorde, semanties-verbonde eenhede en eners sintaktiese strukture vasgelê.

- Herhaling kom as gebonde maar veral as ongebonde vorme voor. Die semantiese verbande tussen die membra word gekenmerk deur (a) kontraste in die formulering van die gegewens, wat onder meer verdoeselde en geassosieerde skakeling insluit, en (b) die sinonieme of antonieme verhouding tussen die herhalings-elemente.
 - In enkele gevalle word 'n enersse heffingstal per membrum waargeneem.
- c. Algemeen: Die Mamogoboprysdig is sonder die gewone aanhef:
- “Kgomo e a tsha!”
 “E gangwa ke mang?”
 “E gangwa ke nna ...”
- Ke nna Kgamphuphu ya masogana is 'n tipiese prysdigformule. Vergelyk ook Matsepe (1969 b: 15-16): E gangwa ke nna Kgathudi wa masogana.
 - Dikwels word die spreekwoord in die prysdig ingewerk. In die bespreking van een van die Matsepeprysdigte (1969 b: 15-16) is vroeër daarop gewys hoe Matsepe die spreekwoorde, Feta kgomo, o sware motho en Bana ba tau, ga re jane; re molokomong, as deel van die gedig ingesluit het. Mamogobo doen dit ook, maar ietwat versluierd. Vergelyk membrum 38 waar ... ba raga dibjana deel uitmaak van die spreekwoord, Lekwapa la khora, le raga dibjana. As die muis dik is, is die meel bitter. Die Ziervogel-Mokgokong-woordeboek (1975: 572) verklaar die benaming Lekwapa soos volg: 'n Veragtelike naam vir Tsonga (Sjangaan) en Nguni. Lepono (membrum 14) verwys hier waarskynlik na 'n Matebele (Nguni) en moet dus liefers ook as 'n veragtelike benaming hanteer word.

Die prysdig:

Strofe 1:

1. Ke nna Kgamphuphu ya masogana,
2. Tau ya tsena ka kgoro,
3. Banna ba wa ka dietse,
4. Gwa šala go eme nna mošimane' e moswana,
5. Tau ka roba ka diatla,

6. Dilepe ke dilo tša mafšega.

Strofe 2:

7. Ke nkgwete ya mašoboro,
8. Bonna ke tšea ka bogale,
9. Banna ba šale ba nyatša makgeswa.

Strofe 3:

10. Ke morwa wa Tlapalathunya,
11. Tlapa le thunya megwašagwaša la tšitlana.
12. Tšhweu tša Borwa tša topa lehumo,
13. Thari ye ntsho ya šala e itshwere mahlaa.

Strofe 4:

14. Tate ke nkgwete ya Makwa maremanakadilepe,
15. O hlabile Lepono ntlha tša marago la re letlee!

Strofe 5:

16. Ke yeo ke kgwadira ya matlapa e tsene motseng,
17. Ke kgwadi ya maswika mehlare ke kgwaparetša
18. Ka itia ka mosela banna ba tšhaba.

Strofe 6:

19. Nna mošimane yo moswana,
20. Ke swere nkwe ka dingana dilepe tša rithibala,
21. Mafšega boMamadikwane ba ekaeka dilepe,
22. Ba fengwa ke mankgagane moswana
23. Monna o lahla marumo le dikotse.

Strofe 7:

24. Bagale weee, bagale le eme kgole,
25. Le tšhaba gona go wela ka legaga
26. La ala mekgomphatha mehlare ya thaba,
27. Bata sa šala se bolawa ke mašoboro?

Strofe 8:

28. Mmane o ile, tatane o fadile,
29. Ke tlo bolaya nkwe ka apara letlalo,
30. Ka bolaya tau ka apara kobo tša magoši,
31. Matlalo a ntena ka ya boDimong.

Strofe 9:

32. Nna ke na le thebo lebotse thebo la tšhipa,
33. Ke na le la phukubje beng ba mašoka,
34. La kwanyana ke la kgaetšedi tometša tshogana,
35. Banna ba ile tlase Borwa metse ya šala e ehwa.

67

Strofe 10:

36. Agee wena mothepa tena a sa nthetego,
37. Maššega šea ba ja mogopo ka geno,
38. Ba re go ja monate, ba raga dibjana.

Strofe 11:

39. Dumela kgaetšedi yaka Tšelane tšediatšelela,
40. Ngwana wa swago la morula, tšea bogobe o je,
41. Nthete ngwana wa Mologadi 'a Phogole,
42. Bana ba ditšhuanyana ga ba lahlane!
43. Duduwetša ngwana wa basadi baena sešane.
(Mamogobo, s.j.: 46-47)

Strofe 1:

1. Dis ek Kgamphuphu van die jongmanne,
2. As die leeu die binnehof betree,
3. Val die manne agteroor,
4. Dan bly net ek die donker knaap staan,
5. En die leeu vermorsel ek met my hande,
6. (Want) byle is lafaardsgoed.

Strofe 2:

7. Ek is die sterkman onder die onbesnedenes,
8. My manlikheid verwerf ek met dapperheid,
9. Die mans verag (mos) die lendekleed.

Strofe 3:

10. Ek is die seun van Tlapalathunya,
11. Die klip bars met 'n gedruis en die stukke spat uitmekaar,
12. Die blankes uit die suide versamel die rykdom,
13. En die swartes hou hulle wange vas.

Strofe 4:

14. My vader is die sterkman van die Makwaregiment, die (dapper)
15. bylvegters,
16. Hy steek die Lepono op vlug en hy kantel.

Strofe 5:

17. Ek is die berghaan van die rotse, ek betree die stat,
18. Ek is die swart-witrugbees, die bome gryp ek vas,
19. Ek blits 'n weerligslag, die manne slaan op vlug,

Strofe 6:

20. Ek die donker jongeling,
21. Ek klou aan die luiperd se wangbene, die byle raak stomp,
22. Die lafhartiges van Mamadikwane-hulle swaai en mik met die byle,
23. Hulle word oorweldig deur die donker vlermuis,
24. Die vegter gooi sy assegaai en skildvel weg.

Strofe 7:

25. Dapperes, o wee, die dapperes staan doer ver,
26. Is julle bang dat julle (dalk) oor die krans gaan tuimel
27. En die berg se skurwersyntjebos gaan platval,
28. En die ondier deur die onbesnedenes gedood (sal) word?

Strofe 8:

29. Moeder is weg, vader bly die verbete (vegter).
30. Ek sal die luiperd doodmaak en die vel omhang,
31. Dan die leeu doodmaak en die koninklike kleed aantrek,
32. En as die velle my nie aanstaan nie, gaan ek na die mensvreter.

69

Strofe 9:

33. Ek het 'n mooi karos, 'n gryswildeckatkaros,
34. Ek het (ook) 'n jakkalskaros, (jakkals) die baas van die wildernis,
35. Die lammetjekaros is my suster s'n, sy wat die jongmanne op hol het,
36. (Want) die manne is weg na die suide, die statte raak verlate.

Strofe 10:

37. Reg so, jou vermetele maagd wat my nie besing nie,
38. Hier is die lafaards, hulle eet uit julle houtborde,
39. En as hulle versadig is, skop hulle die skottelgoed opsy.

Strofe 11:

40. Goeie dag my suster Tšelane tšediatšelela,
41. Kind van die skeur in die maroelaboomstam, neem die kos en eet,
42. Betoon my erkenning, kind van Mologadi van Phogole,
43. Kinderwesies laat mekaar (mos) nie in die steek nie,
44. Dans op die trilsange se maat, kind van die vroue wat die inisiasie-eed
45. afgelê het.

Oorsigtelike samevatting van die versmaat: Ekwivalensie

70

Die ekwivalente segmente soos woorde/woordstamme en woordgroepe – ook in alle vorme van skakeling – word in duidelike en kursiewe letters weergegee. Eense grammatiese strukture neem meesal die hele membrum in beslag en word dus nie gemerk nie. Vergelyk egter strukture soos die besitskonstruksie in die geval van prysname: *Kgamphuphu ya masogana, nkgwete ya mašoboro*, ensovoorts. Die rangsyfer van elke membrum verskyn tussen hakies:

Strofe 1:

- (1) **Ke nna Kgamphuphu ya masogana**
- (4) Gwa šala go eme **nna mošimane' e moswana**
- (7) **Ke nkgwete ya mašoboro**
- (10) **Ke morwa wa Tlapalathunya**
- (19) **Nna mošimane yo moswana**
- (22) Ba fengwa **ke mankgagane moswana**
- (2) Tau ya *tšena* ka **kgoro**
- (3) **Banna** ba *wa* ka dietse

- (2) **Tau** ya tsena ka kgoro
- (5) **Tau** ka roba ka diatla
- (3) **Banna ba wa ka** dietse
- (4) Gwa šala **go eme nna mošimane' e moswana**
- (5) Tau ka roba ka **diatla**
- (6) **Dilepe** ke dilo tša mafšega

Strofe 2:

- (7) Ke *nkgwete* ya **mašoboro**
- (8) **Bonna** ke tšea ka *bogale*
- (7) Ke nkgwete ya **mašoboro**
- (9) Banna ba šala ba nyatša **makgeswa**.
- (8) **Bonna** ke tšea ka *bogale*
- (9) **Banna** ba šala *ba nyatša makgeswa*.
- (7) **Ke nkgwete** ya *mašoboro*
- (14) **Tate ke nkgwete** ya *Makwa maremanakadilepe*

71

Strofe 3:

- (10) Ke nna morwa wa **Tlapalathunya**
- (11) **Tlapa le thunya** megwašagwaša la tšitlana.
- (12) **Tšhweu tša Borwa** tša *topa lehumo*
- (13) **Thari ye ntsho** ya šala e *itshwere mahlaa*.

Strofe 4:

- (14) **Tate ke nkgwete** ya *Makwa maremanakadilepe*
- (15) O hlabile **Lepono** ntlha tša marago la re letlee!

Strofe 5:

- (16) Ke yeo **ke kgwadi** ya **matlapa** e tsena motseng
- (17) **Ke kgwadi** ya **maswika** mehlare ka *kgwaparetša*
- (18) Ka itia ka mosela **banna ba tšhaba**
- (3) **Banna ba wa ka dietse**

Strofe 6:

- (20) **Ke swere nkwe ka dingana** dilepe tša rithibala
- (29) **Ke tla bolaya nkwe** ka apara letlalo
- (5) **Tau ke roba** ka diatla
- (20) **Ke swere nkwe ka dingana** *dilepe tša rithibala*
- (21) **Mafšega** boMamadikwane *ba ekaeka dilepe*
- (21) Mafšega boMamadikwane **ba ekaeka dilepe**
- (22) **Ba fengwa** ke mankgagane moswana
- (23) Monna **o lahla marumo le dikotse**
- (18) Ka itia ka mosela **banna ba tšhaba**

72

Strofe 7:

- (24) Bagale wee, bagale **le eme kgole**
- (25) **La tšhaba** gona go wela legaga
- (26) **La ala** mekgomphatha mehlare ya thaba
- (27) Bata sa šala se bolawa ke **mašoboro**
- (7) Ke nkgwete ya **mašoboro**

Strofe 8:

- (28) Mmane o ile, **tatane o fadile**
- (14) **Tate ke nkgwete** ya Makwa maremanakadilepe
- (29) **Ke tla bolaya nkwe** ka apara letlalo
- (30) **Ka bolaya tau** ka apara kobo tša magoši

- (29) Ke tla bolaya nkwe ka apara **letlalo**
- (30) Ka bolaya tau ka apara **kobo tša magoši**
- (31) **Matlalo** a ntena ka ya boDimong.

Strofe 9:

- (32) **Nna ke na le lethebo lebotse thebo la tšhipa**
- (33) **Ke na le la phukubje beng ba mašoka**
- (34) **La kwanyana ke la kgaetšedi tometša tshogana**
- (34) La kwanyana ke la kgaetšedi tometša **tshogana**
- (1) Ke nna Kgamphuphu ya **masogana**
- (35) Banna ba ile tlase *Borwa* **metse ya šala e ehwa**
- (12) **Tšhweu tša Borwa tša topa lehumo**

Strofe 10:

- (36) Agee wena **mothepe tena o sa nthetego**
- (41) **Nthete ngwana wa Mologadi 'a Phogole**
- (37) Mafšega šea **ba ja mogopo** ka geno
- (38) Ba re **go ja monate** ba raga *dibjana*
- (37) **Mafšega** šea **ba ja mogopo** ka geno
- (21) **Mafšega** boMamadikwane **ba ekaeka** dilepe

73

Strofe 11:

- (39) Dumela kgaetšedi yaka **Tšelane tšediatšelela**
- (40) **Ngwana wa swago la morula** tšea bogobe o je
- (41) Nthete **ngwana wa Mologadi 'a Phogole**
- (43) Duduwetša **ngwana wa basadi baena sešane**
- (42) **Bana ba tšhuanyana** ga ba lahlane
- (39) Dumela **kgaetšedi yaka Tšelane tšediatšelela**
- (34) La kwanyana ke la **kgaetšedi tometša tshogana**.

hierdie bladsy word doelbewus leeg gelaat

Bronnelys

- Berlin Lutheran Church Hymnbook Rev. Commission. 1958. *Difela tša kereke*. Edendale: Berlin Mission, Northern Sotho Book Depot.
- Czerny, Z. 1961. Le vers libre français et son art Structural. In: Davie, D., Fónagy, I., Jakobson, R., Likhachev, D.S., Mayenowa, M.R., Steinitz, W., Wyka, K. & Źołkiewski, S. (eds). *Poetics, Poetyka, Poètika* I. 's-Gravenhage: Mouton & Co., pp. 249-279.
- Cope, T. 1968. *Izibongo: Zulu praise-poems*. Oxford: Clarendon Press.
- Damane, M. & Sanders, P.B. (eds). 1974. *Lithoko: Sotho praise poems*. Oxford: Clarendon Press.
- De Groot, A.W. 1946. *Algemene versleer*. Den Haag: N.V. Servire.
- De Groot, A.W. 1957. Phonetics in its relation to aesthetics. In: Kaiser, L. (ed.), *Manual of phonetics*. Amsterdam: North Holland Publishing Company, pp. 385-400.
- De Groot, A.W. 1962. *Inleiding tot de algemene taalwetenschap*. Groningen: J.B. Wolters.
- Dhlomo, H.I.E. 1939. Nature and variety of tribal drama. In: *Bantu Studies*, 13(1), pp. 33-48.
- Fela, N.M. 1961. *Sebilwane*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Grammont, M. 1960. *Le vers Français: Ses moyens d'expression son harmonie*. Paris: Librairie Delagrave.
- Grammont, M. 1961. *Petit traité de Versification Française*. Paris: Librairie Armand Colin.
- Heusler, A. 1956. *Deutsche Versgeschichte I: mit Einschluss des altenglischen und altnordischen Stabreimverses*. Berlin: W. de Gruyter.
- Hrabak, J. 1961. Remarques sur les corrélations entre le Vers et la Prose, Surtout sur les soi-disant Formes de Transition. In: Davie, D., Fónagy, I. Jakobson, R., Likhachev, D.S., Mayenowa, M.R., Steinitz, W., Wyka, K. & Źołkiewski, S. (eds), *Poetics, Poetyka, Poètika* I. 's-Gravenhage: Mouton & Co., pp. 239-248.
- Jakobson, R. 1960. Concluding statement: Linguistics and poetics. In: Sebeok, T.A. (ed.), *Style in language*. Cambridge, MA; London: MIT Press, pp. 350-377.
- Jakobson, R. & Lotz, J. 1952. Axioms of a versification system – exemplified by the Mordvinian folksong. (Summary of a lecture delivered at the Hungarian Institute, Series B, 1941.) *Linguistica*, pp. 5-13.
- Kayser, W. 1960. *Kleine deutsche Versschule*. Bern; München: Francke Verlag.
- Kekana, M.A. 1985. *Maikutlo*. Johannesburg: Educum.

- Kunene, D.P. 1971. *Heroic poetry of the Basotho*. Oxford: Clarendon Press.
- Lentsoane, H.M.L. 1975. *Mokgako*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Lestrade, G.P. 1935. Bantu praise-poems, *The Critic* 4(1), pp. 1-10.
- Lote, G. 1951. *Histoire du Vers Français*, tome II. Paris: Editions Boivin.
- Mamogobo, P. s.j. *Kgamphuphu*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Matlala, E.K.K. 1959. *Manose*. Johannesburg, King Williamstown: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Matsepe, O.K. 1969 a. *Kwela-pele*. Johannesburg: Educum.
- Matsepe, O.K. 1969 b. *Megokgo ya Bjoko*. Johannesburg: Bona Press.
- Matsepe, O.K. 1970. *Phalafala ya koma*. Johannesburg: Educum.
- Matsepe, O.K. 1971. *Molodi wa thaga*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Puleng, N.S. 1981. *Seipone sa madimabe*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Ramaila, E.M. 1959. *Seriti sa thabantsho: direto tša magoši le bagale*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Ratlabala, S. 1977. *Ditsitsinkelo tša sereti*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Saporta, Sol. 1960. Comments to Part Six. In: Sebeok, T.A. (ed.), *Style in language*. Cambridge, MA; London: MIT Press, p. 237.
- Stankiewicz, E. 1961. Poetic and non-poetic language in their interrelation. In: Davie, D., Fónagy, I. Jakobson, R., Likhachev, D.S., Mayenowa, M.R., Steinitz, W., Wyka, K. & Źołkiewski, S. (eds), *Poetics, Poetyka, Poètika I*. 's-Gravenhage: Mouton & Co., pp. 11-23.
- Stutterheim, C.F.P. 1961. Poetry and prose: Their interrelations and transitional forms. In: Davie, D., Fónagy, I. Jakobson, R., Likhacher, D.S., Mayenova, M.R., Steinitz, W., Wyka, K. & Źołkiewski, S. (eds), *Poetics, Poetyka, Poètika I*. 's-Gravenhage: Mouton & Co., pp. 225-238.
- Tseke, S.N. 1987. *Bakantirang*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Wyk, E.B. 1975. Die taalkundige grondslae van versvorm in die Bantoetale. In: Van Rensburg, F.I.J. (red.), *Die kunswerk as taal* (vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing). Kaapstad: Tafelberg, pp. 15-33.
- Van Zyl, H.J. 1949. *Praises in Northern Sotho*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Zhirmunski, V. 1966. The versification of Majakovski. In: Jakobson, R., Mayenowa, M.R., Steinitz, W., Wyka, K. & Źołkiewski, S. (eds), *Poetics, Poetyka, Poètika II*. The Hague; Paris: Mouton & Co., pp. 211-242.
- Žirmunskii, V. 1966. *Introduction to metrics*. The Hague: De Gruyter Mouton.

Die Sepediversbou

P.S. Groenewald

Hierdie skrywe vat die werke van Professor P.S. Groenewald saam. Hy is sedert 1957 betrokke by die Departement Afrikatale aan die Universiteit van Pretoria. Hy is aangewys as die eerste hoofredakteur van die Suid-Afrikaanse tydskrif vir Afrikatale. Hy dien op die adviseurspaneel van die "Encyclopedia of World Literature in the 20th Century" (New York). Vanaf 1976 is hy lid van die Sepeditaalraad en in 1989 is hy die ondervoorsitter en lid van die hoofbestuur verkies. Hy het ook 'n verskeidenheid van publikasies oor die ontwikkeling, letterkunde en literatuur van die Sepedi taal geskryf. In 1996 ontvang hy die Stals-prys (Afrikatale) van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en in 2012 ontvang hy die graad Doctor litterarum (honoris cause) van die Universiteit van Pretoria.

NON-FICTION

ISBN 9780620947091



9 780620 947091

